The same thing is happening in Le Marais in Paris. Originally built for the aristocracy and abandoned by them in the eighteenth century, the mansions of this district have been subdivided and the open courtyards in the middle of the blocks built over with workshops; the courtyards are now being cleared and the buildings restored to their former condition. This project is being carried out in terms of the "Malraux Act" which makes provision for the co-ordination of work between the Ministries responsible for housing and for conservation work respectively and also for public consultation. Unfortunately, these excellent provisions do not appear to be working in practice, possibly due to the traditional centralisation of authority in France. The previous inhabitants are being moved out – very much against their will, we understand – and there are numerous advertising signs on various buildings drawing attention to the marvellous accommodation that is being prepared. A further aspect is that the population of the district is to be reduced from 90 000 to 60 000.

It is obvious that something has gone wrong but in order to understand the situation it is necessary to describe something of the history of conservation and to define some of the terms which, though widely used, are not generally understood.

The movement that might now be described as that of "conservation" had its beginnings in the revulsion against the appalling conditions created by the industrial revolution. Apart from structural deterioration many great buildings were demolished, or so threatened, because of rapidly-increasing pressure on urban space and the consequent rise of urban land values. Accordingly many countries set up official bodies to protect those buildings of especial historical or architectural significance; our own National Monuments Council is such a body.

For a long time the main concern was

with individual buildings or "monuments". It was frequently necessary to "restore" them, after which they had to be "preserved". In our view these terms may be defined as follows:

Restoration: reinstatement in condition existing at some previous point in time. Includes – Repair (to existing components); Renovation (painting, cleaning, replacing damaged, decayed or missing components).

Preservation: in existing/restored condition. Includes – Maintenance (continuous restoration); Protection (indirect preservation, eg by legislation or prohibition of public access).

It is essential that preservation work be based on adequate research. Many buildings in South Africa and elsewhere have been ruined by misguided attempts at "preservation" in which the evidence contained in the original structure has been destroyed.

In recent years it has been realised that it is not enough to "preserve" an individual building alone as an unsympathetic setting will greatly detract from its effect; also that the exterior space of historic areas is as valuable as the interior space of historic buildings. Consequently interest has extended from individual buildings to groups and streets and to entire districts and towns.

At the same time, it was realised that large numbers of individual buildings could not be preserved indefinitely as "monuments" but that it was necessary to keep them in use. If they could not continue in the use for which they had been designed it was necessary to adapt them to new uses. Thus we can now add an additional term to our list of definitions:

Adaptation: to new or expanded uses. Includes – Alteration (basic or superficial changes to entire entities or to components); Addition (new entities or components attached to existing).

Also the term "conservation" came to be used to cover all three forms of intervention (restoration, preservation, adaptation) taken together or singly.

However, we have seen in the Trastevere and Le Marais that even this apparently complete approach is inadequate. Both these districts are termed "conservation areas" and the work proceeding in each case conforms to the definition of "conservation".

It was in this situation that the Council of Europe commenced its studies. It should be mentioned that the Council was inaugurated in 1949 as an international body with the object of increasing co-operation between its 18 member States, especially in cultural matters; each State is represented on the Council by its Foreign Minister and meetings of these Ministers or their deputies (with full powers of decision) take place each month in the headquarters in Strasbourg. In 1973 at its Congress at Zurich the

Council decided to designate 1975 as European Architectural Heritage Year, with the following objects:

1. To awaken the interest and pride of the European peoples in their common architectural heritage;
2. To draw attention to the grave dangers which threaten it;
3. To secure the action required for its conservation, not merely for the sake of its historical significance, but also for its contribution to the enrichment of the quality of life”.

It is the latter object that is the most significant. For the first time a social motive is assigned to the idea of conservation; in fact this is the first statement indicating that the conservation of buildings may have a wider application than historical or architectural interest. This new policy is referred to by the Council of Europe as “integrated conservation”, its stated intention being to involve the architectural heritage with the life of contemporary society.

This policy may well succeed in the twofold aim of retaining buildings, districts and towns of historical or architectural significance and thereby retaining also the example so often provided by these complexes of a “human environment” – that is, one in scale with human beings and emphasising the continuity they require of that environment; together with the example, in many cases, of the vernacular architecture of the area, from which it may be possible to derive principles for contemporary application as an alternative to the “international style” of architecture.

In order to provide further research material for this new policy 50 “pilot projects” were arranged by the countries participating in EAHY. These conservation projects varied in size and being in different localities were based on different situations. The Council of Europe undertook to arrange comparative analyses of the various social, legal and financial aspects involved and to arrange seminars, study-tours, visits and exhibitions. In addition a large number of minor projects were undertaken; there were 1 300 in Britain.

A congress was arranged in Amsterdam as climax to EAHY. This took place from 21 to 25 October 1975 and consisted of the presentation of papers and subsequent discussion on various themes connected with conservation.

We also visited various urban renewal schemes which embody the principles of integrated conservation.

The scheme in Bologna (Italy) covers the conservation of the entire historical centre of the city, an area of some 450 ha with 83 000 inhabitants. It was established that it would be cheaper to retain the existing buildings than to replace them with the equivalent area of new building on the periphery of the city; furthermore the latter course might well have resulted

in transport problems. It was also decided that each person involved would have the opportunity to remain in his or her original accommodation. This was achieved by erecting small new blocks of flats on vacant sites and moving the nearby inhabitants into these “parking houses” as they were called, while the conservation work was in progress; when this was complete the people involved were given the alternative of moving back to their original homes or of staying in the “parking house”. Naturally a preliminary social survey had to be carried out in order to ensure that the existing patterns of social interaction were not disturbed by this process and we had evidence in our visit to one “action area” that this object had been attained. When complete the project will have enabled the city-centre to increase its population to 100 000.

In the Jordaan district of Amsterdam and the Wensum district of Norwich the conservation schemes under way involve the maintenance of rentals at low or middle levels and every inhabitant who so wishes will be able to remain. The latter scheme is also of interest in the number of organisations that are involved; these include the Norwich Municipality, the local Association of Architects, a building investment company, the local traders’ association, a conservation trust, two amenity societies and the local church.

An excellent example of integrated conservation nearer home is that of the fishing village of Arniston, near Bredasdorp, where 80 cottages are being conserved. Once again full investigation have been made into the social and economic background of the inhabitants and measures to improve these are being planned; also all those involved will remain in occupation of their cottages instead of being turned out and the buildings converted into “seaside cottages”.

It is thus apparent that there is considerable scope for local action on “integrated conservation”. In general there is a great need for public education in matters concerning the environment and for the establishment of an information cen-

tre for this purpose and also to provide a data-bank and library for those concerned professionally with conservation. We also need a private property-owning trust independent of Government subsidy and the possibility of establishing a National Trust-type body is at present being discussed between the Vernacular Architecture Society and the Council for the Habitat. It is obvious that the Government cannot undertake all the work that has to be done and there is tremendous scope for private initiative. The Vernacular Architecture Society has carried out considerable research into the aims and work of the National Trust in England commencing in May 1975 when we brought a representative of this organisation to Cape Town for a period of four weeks, this project being supported by the Cape Provincial Institute of Architects and *THE ARGUS* and continued by my wife and myself while in England later in the year.

There is no doubt that the urban environment of Cape Town is becoming as dehumanised as that of any large European city. In our once-beautiful city it is no longer possible to walk up either side of Adderley Street without being forced underground; there is no continuous pavement any more and at one point it is necessary to negotiate either a staircase or escalators – no consideration has been given to the aged or the infirm, to persons in wheelchairs or pushing prams. The Foreshore, previously linked to the old city only in the most tenuous manner, is now further cut off by the widening of Strand Street to motorway proportions – a step which should not have been necessary in view of the mammoth ring-road constructions which incidentally still further separate the city from the sea.

It is only through the concern and involvement of our citizens and of local and other authorities with the conservation of our environment and with positive measures in planning for people rather than for large institutions that the great doubt that exists regarding the answer to the question “Whose City?”, may be removed.

Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig!

Dr. Anton Rupert, voorsitter van die Rembrandtgroep

Hierdie onderwerp dek ’n veld so wyd, so omvangryk, dat ’n mens byna nie weet waar om te begin nie, maar tegelyk so boeiend interessant en so lewensbelangrik vir enige beskaafde volk dat ’n mens miskien nie gaan weet waar om op te hou nie.

Oor net meer as drie eeue het hier in Suid-Afrika ’n nasionale kultuur ontstaan wat ons met trots kan vergelyk met dié in alle ander lande. Gesien teen ons eie getalle – soveel kleiner as één enkele wêreldstad – moet dit beskou word as een van die grootste prestasies in die kultuurgeskiedenis van die mens. Het ons dan nie in die relatiewe korte

tydsbestek van net meer as 300 jaar twee oorspronklike en belangrike bydraes tot wêreldkultuur gemaak nie – naamlik ons unieke Kaaps-Hollandse argitektuur en die lewenskragtige, soepele Afrikaanse taal, die jongste en mees moderne taal van die Westerse wêreld, waarvan ons vanjaar juis die eerste eeufees vier.

Maar basies is ons van Afrika en ons kultuursiening mag ons op geen ander kontinent as in Afrika plaas nie. In sy geheel is ons beskawing en ons kultuur net so min suiwer Europees of Westers as wat ons taal suiwer Nederlands is.

Van herkoms is ons kultuur nóg pleknóg tydgebonde.

Die Suid-Afrikaner is, benewens sy Europese herkoms, in wese van Afrika. Sy kulturele identiteit wat oor meer as 300 jaar gestalte gekry het, dra ook die stempel van Afrika en van sy saamleef met die kulture van hierdie vasteland. As dit nie so was nie, sou ons nasionale kultuur veel nader gewees het aan dié van die VSA, wat feitlik net so oud, en in hoofsaak uit dieselfde Wes-Europese stamlande gevoed is.

Die kultuur- en geestesgoedere van ons voorgeslagte is 'n erfenis wat nie net nagelaat mag word nie, maar wat opnuut deur elke geslag verwerf moet word. Sonder hierdie erfenis wat ons aan die verlede anker, bestaan daar geen norm vir die waardebeplanning van wat elke geslag voortbring nie; is daar geen rigsgnoer om iets groots te verhef bo die absoluut tydelike nie.

Daar kan nie slegs op dié erfenis geteer word nie, want dit moet gevoed word deur eietydse bydraes sodat elke geslag opnuut 'n erfenis kan nalaat. En uit die weefsel van elke geslag se leefwyse groei die tradisies van môre.

Daarom dan dat ek 'n beleid van vennootskap tussen kapitaal en kultuur bepleit – om te help bewaar dit wat vir ons nagelaat is, maar ook om 'n teelaarde te bied vir die skep van kultuurgoedere vir die geslagte wat kom.

En die geskiedenis lewer die bewys dat materiële vooruitgang nie noodwendig in stryd met kulturele opbloei hoef te wees nie.

Die taakstelling vir die toekoms lê vóór al in die opvoeding. Veel meer moet in ons huise, op ons skole en aan ons universiteite gedoen word om by almal, en nie net by die handvol bevoorregtes wat daarin kan spesialiseer nie, 'n liefde en waardering te kweek vir wat ons eie is – die eie wat hier geskep en voortgebring is, maar ook die eie wat deur ons herkoms ons onvervreembare erfreg is in die groot wêreldkultuur.

Ons lewe in 'n tydsgewrig van snelwisselende waardes – in baie opsigte van dubbele standaarde; van beroering en verwarring regdeur die wêreld en in die besonder in Afrika. Maar óns is gelukkig nog bevoorreg om in 'n land in Afrika te kan leef, waar daar vir meer as 300 jaar reeds 'n ordelike beskawing bestaan en

floreer, waar ons geseënd is met 'n stabiele regeringstelsel, arbeidsvrede en 'n gesofistikeerde ekonomie. En dit terwyl daar sedert die groot vrywording van Afrika-state in 1960 nie minder nie as 137 gepoogde staatsgrepe regdeur hierdie kontinent was, waarvan 44 geslaag het.

Maar in ons voortstuwende ekonomiese en materiële vooruitgang het ons ons kultuurerfenisse, veral ons historiese geboue, skromelik verwaarloos. Van die 4 000 statige herehuise wat aan die begin van hierdie eeu nog bestaan het, is daar vandag slegs 'n paar honderd oor. En van eens skilderagtige dorpe soos die Paarl, Wellington, Swellendam, Uitenhage en selfs Stellenbosch is daar vandag haas geen ongesonde straatbeeld meer oor waar daar nie motorhawes, vulstasies en supermarkte ingedring het nie.

1975 – Bewaringsjaar in Europa

Hierdie verwydering van historiese geboue en hele wyke, wat dan sogenaamd in die pad van vooruitgang sou staan, is natuurlik 'n wêreldneiging. In ons stamlande vind ons egter dat daar in die afgelope twee dekades kragdadig opgetree is en wel deur middel van effektiewe Monumentewetgewing en verbeeldingryke dorpsbeplanning, waar die klem val op bewaring as integrale deel van toekomsontwikkeling, waar doelgerig beplan word om die verlede by die toekoms te integreer.

En om dit te bewerkstellig, vind ons dat feitlik alle lande van Wes-Europa oor 'n goed gedokumenteerde inventaris, 'n volledige register van historiese geboue, wyke, straataansigte en hele dorpies beskik.

In Holland is daar 75 000 geboue en gebiede op hulle “Monumentenlyst”; Frankryk het 'n volledige lys van meer as 1 000 historiese dorpe en meer as 40 000 gelyste geboue; in Engeland is daar bykans 100 000 geskiedkundige geboue en terreine op hul bewaringslys.

Dit is vanjaar die Europese bewaringsjaar waaraan sewentien lande deelneem in 'n gesamentlike poging om die behoud van die Europese argitektoniese erfenis te bevorder.

As deel van 'n gekoördineerde bewaringsplan en met 'n verbeeldingryke leuse van “'n Toekoms vir ons Verlede” is hulle besig met meer as 50 groot rehabilitasie-skemas van monumente en plekke van historiese belang, versprei oor die hele Wes-Europa.

As voorbeeld: Holland

Daar is min lande ter wêreld wat soveel doen as Holland, waar daar nie minder nie as 250 afsonderlike instansies en stigtings is wat geaffilieer is by 'n sentrale liggaam, die “Bond Heemschut”.

Op 'n “Monumentenlyst” is daar ongeveer 70 000 gekatalogiseerde geboue van historiese, argitektoniese of estetiese waarde wat gerestoureer is of op 'n prioriteitslys vir restaurasie is. Hieronder is 600 kerke en 700 windmeulens.

Danksy 'n verligte “Monumentenwet”

mag 'n gebou geproklameer word met of sonder 'n eienaar se toestemming. In die geval van belangrike geboue dra die Staat ongeveer 50% van die restaurasiekoste, die betrokke provinsie 'n verdere 15% tot 25% en die plaaslike bestuur tussen 5% en 10% by. Dit laat die eienaar met net tussen 15% en 20% van die koste. In die geval van ander kategorieë van verklaarde historiese geboue, soos byvoorbeeld privaatwoningen, dra die genoemde instansies in totaal tot 50% van restourasiekoste by.

Die Nederlandse regering ken jaarliks ongeveer R7 miljoen vir bewaring toe. Daar is begroot vir 'n totale subsidie van alle instansies van R25 miljoen vir 1975.

In Amsterdam

In terme van die „Monumentenwet” van 1961 is daar reeds 7 000 geskeduleerde geboue in die stad Amsterdam.

Die meeste hiervan is private wonings en pakhuisse. Die eienaar of sy argitek of kontrakteur kan ook vry professionele advies en argitekstekeninge sowel as toesig en die dienste van navorsingspecialiste verkry – almal verskaf deur die “Buro Monumentenzorg”, wat as 'n integrale deel van die munisipale departement van publieke werke, deur die stadsraad in 1953 ingestel is.

Sedert 1957 is die Buro in verband met meer as 1 800 geboue geraadpleeg. In 1972 het die stadsraad R2 600 000, die provinsie van Noord-Holland R432 000 en die regering R1 400 000 vir restaurasie-subsidies bewillig. En die eienaars self het R8 miljoen aan restourasiekoste bygedra.

Sedert 1870 is baie huise in winkels en kantore omgeskep en sedert 1945 het talle assuransie maatskappye en banke sulke eiendomme vir kantoorgebruik bekom. Maar die straatfronte is behou.

Aangesien verskeie sake-ondernemings nou na die voorstede verhuis, is daar tans weer historiese geboue as privaatwoningen beskikbaar. Interessant is hoe gesog hierdie geboue tans is as gevolg van die eentonigheid van die woonstelblokke in die nuwe voorstede.

Daar is selfs ook trusts wat huise koop op die grondslag van deelneming in beleggingsprojekte sodat 'n persoon 'n deel van 'n huis kan besit.

Daar is lang waglyste van persone wat in die geskiedkundige wonings wil woon, presies soos ons dit ook op Stellenbosch vind.

Maar behoud van geboue is nie genoeg nie – gapings tussen geboue verminder die gesamentlike kwaliteit van die omgewing, wat daartoe bydra dat die oorblywende eienaars minder geneig voel om hulle huise in stand te hou. Die resultaat is nog meer vervalle huise wat gesloop moet word en een gaping kan die verval van 'n hele buurt veroorsaak.

Vir gevalle waar sulke gapings gevul moet word, het die „Buro van Monumentenzorg” twee moontlikhede. Die

eerste is om 'n gebou te herbou volgens ou planne of foto's. Die tweede is om 'n gebou te herbou wat elders afgebreek is en waarvan die Buro besonderhede en materiale bewaar het.

In geval van onvoorkombare slooping van 'n geskeduleerde gebou word die bakstene, klip, hout en lyste geëvalueer en veilig bewaar om akkurate rekonstruksie moontlik te maak. Die inventaris van hierdie boubenodigdhede in besit van die „Buro van Monumentenzorg” bedra meer as 1 500 000.

Hoe ver skiet ons nie hierby te kort nie!

Bewaring in Suid-Afrika

En in Suid-Afrika? Hier het ons skaars 500 geproklameerde Historiese Monumente waarvan net meer as 400 geskiedkundige geboue is. In ons jong, voorespoedige land met relatief soveel minder om te bewaar as in ons ou stamlande, staan ons vergelykenderwys so oneindig ver agter by hulle. Ondanks simposia, kongresse, weskroepe, referate en toesprake sedert 1959 beskik ons vandag nog nie oor 'n landwyse register van historiese geboue, van bewarenswaardige straatbeelde, gebouekomplekse of selfs hele dorpieë nie – en van 'n prioriteitslys vir bewaring is daar derhalwe nog geen sprake nie.

'n Begin is reeds in sekere dorpe en stede gemaak met die inventarisasie van historiese geboue – Stellenbosch, Kaapstad en Johannesburg asook Suidwes het reeds voltooië voorlopige lyste, terwyl Durban 'n taamlik volledige lys het.

Maar van 'n volledige landwyse opname, gegrond op sekere vasgestelde basiese bewaringsnorme, is daar helaas nog geen sprake nie.

Gesien die uiterste belangrikheid en omvang van so 'n nasionale register is dit mi 'n saak wat die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in samewerking met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Stigting Simon van der Stel en die SA Instituut van Argitekte dringend aandag aan moet gee om, desnoods met 'n staatsubsidie, die koste van 'n bekwame vakkundige ondersoekspan te borg.

Ons Monumentewet het, ondanks sy verhewe doelstellings, geen tande nie – gelukkig dus dat dit eersdaags gewysig gaan word. Ek verwys later weer hierna. En van geordende stadsbeplanning waarvan bewaring 'n vooropgesette mikpunt moet wees, is daar helaas nog geen teken nie. Inteendeel, stadsrade skyn meer behep te wees met straatverbreding as met bewaring.

In Stellenbosch het die Stadsraad reeds 'n aantal belangrike historiese geboue geresoureer, waarvoor ons hulle dankbaar is, soos byvoorbeeld die Bergzichtkompleks, Grosvenor-huis, die Transvalia-woonstelkompleks, maar aan die ander kant het die Raad 'n interessante straathoek uit 1815 gesloop sonder genoegsame regverdiging.

En wat is die volgende stap: die voorgestelde verbreding oor 'n afstand van 1 km van Birdstraat teen 'n totale koste van bykans R1 miljoen. In die proses sal 'n vyftigtal jong eikebome in die slag bly wat nog 'n bietjie karakter aan hierdie reeds verminkte straat gee.

Die beoogde verbreding mag selfs nie bydra tot gladder verkeersvloei nie – inteendeel, dit sal waarskynlik meer motors en vragmotors in die middedorp en dus nog groter parkeerprobleme tot gevolg hê.

Ek kan nog voorbeelde noem, maar sal volstaan met Swellendam, waar die hoofstraat teen 'n koste van bykans R1 600 000 verbreed is en waardeur 'n hele aantal skilderagtige ou woonhuise en gevestigde eikebome vir altyd vernietig is.

En in Graaff-Reinet, my geboortedorp, moes ek tydens 'n onlangse besoek tot my ontsteltenis vind dat al die statige ou bome in Kerkstraat afgekap is om plek te maak vir nog 'n duur straatverbreding wat ten minste R200 000 sal kos. Vergelyk nou hierteenoor die bedrae wat aan restaurasie en bewaring bestee is in hierdie drie geskiedkundige dorpe en wat dit uit 'n toeristeoogpunt vir hulle beteken het.

Die besteding van ongeveer R250 000 in Graaff-Reinet aan die restaurasie van die Reinethuis-museum, die Drostdyhofkompleks, die Hester en John Rupert-Kunsmuseum en -gallery en 'n paar woonhuise, het die besoekersvloei so laat toeneem dat, ondanks die aanbou van 'n nuwe hotel, die toeriste-akkommodasie daar tans so ontoereikend is dat meer as 500 persone onlangs in een maand weg-gewys moes word.

Die bewaringswerk het onteenseglik veel daartoe bygedra dat daar nou weer groei in dié Karoodorp is. Tans is Historiese Huise van Suid-Afrika besig om die geskiedkundige ou Drostdy-hotel in Graaff-Reinet te restoureer tot sy eertydse glorie. Dit is oorspronklik in 1804 opgerig as die Drostdy na 'n ontwerp van Thibault en word vir meer as 'n honderd jaar al as 'n hotel gebruik.

In Swellendam is na raming ongeveer R200 000 bestee aan restaurasie en bewaring en in Stellenbosch kan die syfer nog nie R1 000 000 beloop nie, dit wil sê, ongeveer soveel as die koste van die voorgestelde verbreding vir Birdstraat.

Dit kom daarop neer dat al die restaurasie- en bewaringswerk wat u in Stellenbosch en in Graaff-Reinet en in Swellendam sien tesame slegs sowat die helfte bedra van die werklike en beoogde koste van die verbreding van een straat elk in hierdie drie historiese dorpe. En in die Paarl het verbreding van die Hoofstraat alleen die restaurasiekoste van historiese geboue seker drie maal oorskry.

In Holland, België, Frankryk, Engeland en Duitsland, waar die motor- en toerbusverkeer oneindig swaarder is as by ons, word die skilderagtige nou straatjies in geskiedkundige dorpe liefderyk be-

waar en word die verkeer afgelei na minder belangrike systrate. Wat meer is, daar vind mens die motorhawens en vulstasies in die systrate, of by die ingang van die dorpieë, beslis nie in die historiese kern daarvan, soos by ons nie.

Verkeersvrye sones

Dit word noodsaaklik dat ons verkeersvrye sones in ons geskiedkundige dorpe en in ons stede daarstel soos in Duitsland, waar daar reeds meer as 'n honderd plekke is waar dorp- of stadsentra geherorganiseer is deur middel van verkeersvrye voetgangersones.

In 1972 het die „Deutsche Industrie und Handelstag” 38 stede ondervra oor hulle ondervinding met hierdie nuwe konsep. Die bevinding was dat meer mense in sulke areas gekoop het en dat omsette gestyg het. 'n Soortgelyke bevinding kom voor uit 'n studie wat Harold Ludemann vir die „Deutsche Städtetag” gedoen het. Die waarde van geboue het in die area gestyg.

In Rome was die ondervinding soortgelyk. Toe besluit is op verkeersbeperkings vir die Piazza Navona was die winkeliers in opstand, gesteun deur die grootste dagblad in Rome. Dit is tog deurgevoer en al die winkeliers is nou bly daaroor, want hulle omsette het verhoog.

Om die hart van die historiese te bewaar, is dit dikwels nodig om die vryheid van die strate aan die voetganger terug te gee.

Uit 'n ander ekonomiese aspek beskou, wat sou met R3 500 000, dit wil sê die totale koste van die straatverbreding in Stellenbosch, die Paarl, Swellendam en Graaff-Reinet vermag kon word op bewaringsgebied?

Neem die geval van die maatskappy Historiese Huise van Suid-Afrika en die resultate wat hierdie vrye onderneming in die minder as tien jaar van sy bestaan behaal het. Met 'n kapitaal van slegs R550 000 het hierdie maatskappy 46 historiese geboue aangekoop, geresoureer of deeglik opgeknop en in lewende monumente omgeskep wat die gemeenskap dien waarin hul staan.

Wat sou 'n mens nie met R3 500 000 kon vermag nie; seker meer as 'n tweehonderdtal geskiedkundige geboue sou gered kon word, of 'n aantal straatbeelde – of selfs 'n hele geskiedkundige dorpie. Die potensiële rentelas vir die belastingbetalers sou voldoende wees om talle historiese geboue jaarliks te red en te bewaar.

Waar gaan ons prioriteite verkeerd? Lê die fout nie in 'n groot mate by onself nie – die stadsrade is tog maar net die verteenwoordigers van die belastingbetalers. En die onproduktiewe – eintlik negatiewe – besteding van geld moet uiteindelik tog weer deur die belastingbetalers opgedok word. In radeloosheid vra 'n mens jouself af wanneer sal ons eendag

ons prioriteite regkry, wanneer finaal besef dat ons erfenisse nie net kultuurbates, maar ook toeristebates is – ons wie se dure plig, as bewaarders daarvan, dit is om hulle vir die nageslag in pand te hou. Neem die geval van Tulbagh. Ná die aardbewing van 29 September 1969 is die hele Kerkstraat, Tulbagh keurig gerestoureer. Van Januarie 1963 tot en met die aardbewing in September 1969 het gemiddeld 153 persone per maand die besoekersboek in die museum geteken. Die afgelope 18 maande, sedert die museum gerestoureer en weer in gebruik geneem is, is die gemiddelde toeristetal wat die besoekersboek geteken het 572 per maand – dit wil sê 'n toename van 273%.

Onthou dat talle toeriste net die volledig gerestoureerde Kerkstraat besoek – veral op Sondag wanneer die museum gesluit is – en dat baie mense ook nie die besoekersboek teken nie.

Groot Constantia in Kaapstad het verlede jaar bykans 90 000 besoekers gelok en die getal besoekers wat reeds bespreek het om die gerestoureerde Huis Gideon Malherbe in die Paarl te besoek is meer as 8 000 vir die eerste maand. Daar is pas berig dat in die eerste week na die oopstelling nagenoeg 3 000 mense die museum besoek het.

Stratford-upon-Avon, Shakespeare se geboortedorp in Engeland, lok jaarliks meer as 1,5 miljoen besoekers. Meer as 'n miljoen mense het verlede jaar besoek gebring aan die verskillende geskiedkundige geboue wat met Shakespeare verband hou. Van die getal het ongeveer 'n driekwart-miljoen van die buiteland gekom en ongeveer 'n halfmiljoen het oornag. Hierdie interessante syfers is die oortuigende bewys van die ekonomiese waarde van bewaring van 'n dorp.

Die ekonomie van bewaring – 'n voorbeeld

Hier wil ek graag in die eerste plek verwys na 'n praktiese gevallestudie, naamlik die maatskappy Historiese Huise van Suid-Afrika Beperk, waarvan ek reeds vlugtig melding gemaak het. In 1966 is dié maatskappy gestig met die verklaarde doel om bewaring op sakegrondslag te onderneem. Hy het sy fondse verkry deur aandele uit te reik aan belangstellende persone en goedgesinde maatskappye wat bereid was om te help om ons immerkwynende getal geskiedkundige geboue te bewaar.

Van sy 136 stigtersaandehouers was 100 privaat individue en 36 publieke maatskappye. Met 'n uitgereikte kapitaal van R550 000 het die maatskappy tot dusver 46 historiese geboue aangekoop en gerestoureer of omgeskep om 'n praktiese en waardige nut daarvoor te vind. Al die geboue word op kontrak verhuur en dit is dus 'n gereelde bron van inkomste. Hierbenewens het Rembrandt self, en van sy personeel, 17 historiese geboue gerestoureer.

Maar Historiese Huise het ook in sy vooropgesette doel geslaag deur te bewys dat bewaring wel op suiwer sakebeginsels suksesvol onderneem kon word. Vir elke jaar van sy bestaan het die maatskappy tot dusver 'n dankbare netto wins getoon. Totale winste vir die nege voltooide boekjare beloop R133 251, benewens 'n kapitaalwinst van R317 000 (d.w.s. reserwes beloop bykans 82% van kapitaal) wat oor die eerste agt jaar teruggeploeg en aangewend is om nog historiese geboue aan te koop en te restoureer.

Dit is met baie groot genoeë dat ek nou hier kan aankondig dat die direkteure besluit het om 'n aanvangsdividend van 3% uit die netto wins van die afgelope boekjaar te verklaar.

'n Belangrike bykomstige ekonomiese oorweging is die voortdurende toename in waarde, dit wil sê die kapitaalappresiasie, van gerestoureerde geskiedkundige geboue. Ek mag net byvoeg dat Historiese Huise behulpsaam was met die stigting van Historic Grahamstown (Pty) Ltd – 'n soortgelyke maatskappy wat hoofsaaklik Britse Setlaars-argitektuur op sakegrondslag bewaar. Hierdie maatskappy het ook reeds trotse prestasies behaal. Om te kan slaag met 'n verbeeldingryke bewaringsveldtog moet die klem op ekonomiese wingewendheid deur praktiese benutting van gerestoureerde geboue val. Waar nodig, moet nuwe ekonomiese gebruike vir ou geboue gevind word. Die ondervinding van die maatskappy Historiese Huise bewys dat dit wel moontlik is.

So byvoorbeeld is ou woonhuise gerestoureer en met geringe omskepping as kantoorakkommodasie ingerig, wat heel gou prestige stelle kantore geword het, of as spesialiteitswinkels.

Groter historiese wonings is in keurige en gerieflike woonstelle omgeskep, 'n ou kerk dien tans as kunsgalery, 'n ou wynkelder as restaurant en in Swellendam is 'n statige ou Kaaps-Hollandse woning noukeurig gerestoureer en ingerig as hostel en klaskamers vir 'n skool vir seuns wat spesiale sorg en onderrig vereis.

Die maatskappy het nog nooit enige probleem ondervind om 'n nuttige, waardige dog praktiese doel vir sy gerestoureerde geboue te vind nie.

Soos reeds gesê funksioneer die maatskappy op 'n streng sakegrondslag. Ten einde sy restaurasiekoste so laag moontlik te hou, het hy kort ná sy stigting reeds sy eie bouspan aangestel. Hierdie toegewyde bouspan is vandag gespesialiseer in die kuns van restaurasie en lewer werk van 'n hoë gehalte.

Boonop doen hulle die so nodige instandhouding van die maatskappy se eie geboue – en onderneem hulle, wanneer hul bouprogram dit toelaat, buitorestourasiewerk op 'n koste plus grondslag.

Dit is interessant, in hierdie taalfeesjaar,

dat dit juis Historiese Huise se bouspan is wat gevra is om Huis Gideon Malherbe, die eertydse hoofkwartier van die Genootskap van Regte Afrikaners, so keurig te restoureer soos dit vandag weer daar pryk.

Die rol van plaaslike owerhede

In teenstelling met Wes-Europese lande, waar plaaslike owerhede grootskaalse bewaringswerk doen, word daar hier te lande, behalwe in geïsoleerde gevalle, soos op Stellenbosch, nie veel deur ons plaaslike owerhede gedoen nie.

Verskeie lande in Europa het reeds gevind dat behuisingsprobleme soms lonend opgelos kan word deur bestaande ou geboue, strate of hele dorpswyke te restoureer en te rehabiliteer om sodoende weer 'n nuttige, lewende en genotvolle deel van die dorp te word.

Insiggewende vergelykende statistieke blyk uit nege rehabilitasieprojekte in ou stadswyke en ses nuwe behuisingskemas wat in 1967 reeds deur die Greater London Council voltooi is. Daar is gevind dat bewaringskoste 63% van vergelykbare nuwebou bedra. Die koste van 'n nuwe wooneenheid het toe R10 400 bedra teenoor slegs R6 600 vir 'n gerestoureerde gerieflike ou wooneenheid wat dieselfde akkommodasie bied.

Nog twee interessante vergelykende studies kom uit Frankryk. 'n Belangrike agterbuurtopruiming- en restaurasieveldtog in Avignon het, teen alle verwagtings in, lonender uitgewerk, naamlik R230 per vierkant meter teenoor R260 per vierkant meter vir nuwe akkommodasie. En in die Saint Jean-distrik in Lyon was die vergelykende syfers ewe-eens ten gunste van bewaring, naamlik R200 per vierkant meter teenoor R285 per vierkant meter vir nuwebou.

Plaaslike owerhede in ander Wes-Europese lande het insgelyks reeds aansienlike sukses behaal met bewaringsprogramme. Stadsrade word daar met staatsteun aangemoedig om wonings in agterbuurtes, of in dele van stede waar daar 'n geleidelike agteruitgang is, te restoureer, te rehabiliteer en die geboue daarna te verhuur of te verkoop. So byvoorbeeld het Middelburg in Holland 11 000 huise met staatshulp gerestoureer, tot geldelike voordeel van die stadskas, en terselfdertyd die toeriste-besienswaardigheid van die binnestad laat herleef.

Hoe ver skiet ons nie tekort hier in Suid-Afrika vir sover dit georganiseerde bewaring op landwyse skaal aanbetref nie? Maar laat my toe om teen die agtergrond van hierdie aanklag kortliks na drie uitstaande en grootse restaurasieprojekte te verwys, naamlik die herlewenis van die hele Kerkstraat, Tulbagh, die restaurasie van die skilderagtige ou myndorpie Pelgrimsrus en die beoogde Karoo-Natuurreservate in Graaff-Reinet en Beaufort-Wes.

Kerkstraat, Tulbagh, die grootste restaurasieprojek in Suid-Afrika, is tot op hede

die treffendste voorbeeld van wat bereik kan word deur doelgerigte idealisme, daadkrachtige deursettingsvermoë en ge-koördineerde samewerking tussen die private en publieke sektore op bewaringsgebied – die dankbare volvoering van 'n geloofsdaad van die Tulbagh-Restourasiekomitee.

En ek is oortuig daarvan dat u graag saam met my hulde wil bring aan vier lede van die Werkekomitee aan wie die hoogste toekenning op bewaringsgebied in Suid-Afrika, die goue medalje van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, gemaak is, tw die sameroeper, I M Hoogenhout, die sekretaris, G L Frone-man en die argitekspaar mnr en mev G Fagan.

Die keurige restourasie van Kerkstraat, Tulbagh oor sy volle lengte is moontlik gemaak deur bydraes van private persone, publieke maatskappye, plaaslike owerhede, die Administrasies van die vier provinsies en Suidwes-Afrika en die Staat. Heel gepas het die Eerste Minister in sy inhuldigingsrede op 14 Maart 1974 gesê: „Waar die private sektor toon dat hy bereid is om sy regmatige deel by te dra om 'n belangrike restourasieprojek te finansier, kan daarop gereken word dat die Staat simpatieke oorweging sal gee om so 'n verdienstelike saak finansieel te steun”.

Pelgrimsrus

Teen die einde van 1967 het die Departement Argitektuur van die Universiteit van Pretoria besluit om 'n projek te vind waaraan alle argitekstudente kon saamwerk. Die projek moes 'n aktuele probleem behels, 'n historiese inslag hê en breë sowel as detailbeplanning insluit. Die herontwikkeling van die sterwende dorpie Pelgrimsrus het al die eienskappe bevat.

Twee-en-sewentig studente van tweede tot vyfde jaar het gedurende 1968 aan die beplanning gewerk. Die waarde van die skema kan nie net aan die resultate daarvan gemeet word nie, maar ook aan die uitwerking wat dit op die studente gehad het. 'n Groter waardering vir die verlede en veral vir die kultuurhistoriese skat van ons eie bodem is feitlik deurgaans aangewakker.

Hulde moet gebring word aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie vir die aankoop van dié hele ou goudmyndorpie in die natuurskone Oos-Transvaal. Restourasiewerksaamhede het reeds 'n aanvang geneem en by voltooiing sal dit een van die verbeeldingrykste restourasieprojekte in Suid-Afrika wees.

Die hele dorpie met sy meer as 100 outydse mynhuisies, sy goudreduksiewerke en oorspronklike elektriese treintjie sal in 'n vakansieoord sonder weerga om-tower word. Benewens die belangrike kultuurwaarde daarvan vir die hele land, sal dit op die langtermyn 'n lewensvatbare belegging vir die Provinsiale Administrasie van Transvaal wees.

Natuurreservate

Maar die bewaring van ons erfenis sluit natuurlik ook natuurbewaring, sy-aansy met kultuurbewaring, in. Daarom wil ek graag melding maak van die beoogde vestiging deur die SA Natuurstigting van twee wild- en natuurreservate by Graaff-Reinet en Beaufort-Wes. Benewens die belangrikheid van albei uit 'n ekologiese oogpunt sal die een in Graaff-Reinet ook uniek wees in dié sin dat die historiese dorpie deel sal vorm – tewens gesetel sal wees binne-in die natuurpark, wat sulke belangrike landbakens soos die Vallei van Verlatenheid en Spandaukop insluit.

Daar staan vandag in Graaff-Reinet nagenoeg 500 huisies van die sierlik-simmetriese Karoo-argitektuur wat ouer is as Johannesburg. 'n Aantal hiervan is reeds gerestoureer en die ideaal word gekoester dat die oorgrote meerderheid, indien dan nie almal nie, eendag ten volle gerestoureer sal kan word.

In Graaff-Reinet word die unieke geleentheid nou geskep om 'n hele omgewing te herskep om natuur- en kultuurbewaring te verenig en die dryfkrag te voorsien om 'n hele historiese dorpie te bewaar – 'n pragtige erfplanting aan die nageslag.

En wat sal dit kos om 'n gebied van meer as 30 000 akker om Graaff-Reinet as 'n Karoopark daar te stel? Waarskynlik net 'n derde van die koste om een kilometer van Birdstraat, Stellenbosch te verbreed. Die groot verskil is dat die Karooparkfondse moeisam van private persone ingesamel word en nie deur die maklike weg van belastings nie.

Die rol van toerisme

Meer vrye tyd en hoër persoonlike inkomste het die toeristebedryf in Europa 'n geweldige stoot vorentoe gegee gedurende die afgelope twee dekades, waarby veral historiese belangrike stede en dorpe gebaat het. Toerisme is vandag vir baie lande 'n uiters waardevolle bron van inkomste, dikwels 'n onontbeerlike verdienster van buitelandse valuta.

In Engeland het Lord Kennet enkele jare gelede gesê: “Why do people come to this country? They do not come for the sunshine, or for the good food, or for the famous wines, or to ski.” Hy wys dan daarop dat die bedrag wat buitelandse toeriste in die vroeë 1970's in Engeland sal bestee sowat £500 000 000 per jaar sal bedra en dat dié syfer meer as 6% van die land se fisiese uitvoer be-loop. Die werklike bedrag wat die 8 miljoen besoekers aan Engeland in 1974 gespandeer het, het bykans R1 300 miljoen beloop.

Duitsland ontvang jaarliks meer as 17 miljoen besoekers wat R1 800 miljoen spandeer. Italië en Spanje ontvang elk jaarliks meer as 34 miljoen besoekers wat aan elk 'n inkomste van nagenoeg R1 600 miljoen besorg. Vergelyk hiermee Suid-Afrika se getal besoekers van

net meer as 600 000 wat ongeveer R200 miljoen jaarliks bestee.

'n Treffende voorbeeld van grootskaalse restourasie en heropbou, is beslis Williamsburg in die VSA, waar nie net die hele geskiedkundige 18de-eeuse dorpie nie, maar ook die permanente inwoners „gerestoureer” is. Alle denkbare soorte tuisnywerheid, presies soos dit oorspronklik beoefen is, word hier aange-tref, soos geweer-smid, silwer- en goud-smid, spin en weef, meubelmakery, grof-smid, kuipery, musiek-instrumentemake-ry, gemoedelike ou herberge en koffiekamers – alles netjies ingerig op die byna 100 akker wat die dorpie beslaan. En die besoekerstal: 1 100 miljoen per jaar, 3 200 per dag!

Dit is seker nie onvanpas dat van die toeristenywerheid verwag kan word om bewaring in 'n mate te steun nie – historiese geboue en dorpe is tog een van sy vernaamste bates. In hierdie verband is dit interessant om 'n vergelyking te tref tussen die bedrae wat in die lande van Wes-Europa van owerheidsweë aan bewaring – en in die besonder aan die instandhouding van historiese dorpe en geboue – bestee word en die inkomste wat buitelandse toeriste aan die betrokke lande besorg. In Frankryk is die verhouding 2,5 tot 100, in Nederland, Spanje en Engeland is dit 1 tot 100. En in Italië, wat moontlik die winsgewendste toeristenywerheid ter wêreld het en wat grootliks aan sy belangrike geskiedkundige stede en dorpe te danke is, is die verhouding 0,5 tot 100.

Bepaling van die koste van bewaring

Soos reeds aangetoon, kan bewaring van geskiedkundige geboue, strate of wyke, lonend wees mits aan sekere voorvereistes voldoen word. In die buiteland, Europa sowel as Amerika, word daar vandag op steeds groter skaal gebruik gemaak van koste-voordeel-ontleding om te bepaal hoe bewaring ekonomies geregverdig kan word. Insiggewend is dat ekonomiese hulle hiermee sal inlaat, en nie slegs met waardering en begrip nie, maar met onweerlegbare logika.

Ek verwys na die beredeneerde kommentaar oor die winsgewendheid van restourasie en bewaring van twee bekende ekonomiese van die Verenigde Koninkryk, naamlik Nigel R Stocks en prof A J Youngson.

Youngson is die mening toegedaan dat bewaring op die lang duur selfbetalend sal wees – maar nie altyd direk nie, ook nie in alle gevalle ten volle nie. Die vraag ontstaan dus hoe kan die ware koste van bewaring bepaal word – en daaruit volg hoe dit gefinansier kan word.

Hy haal dan 'n heel eenvoudige voorbeeld van koste-voordeel-ontleding aan wat sowel hy as Stocks aanbeveel as 'n effektiewe metode om die relatiewe koste van bewaring so juis moontlik te bereken. In eenvoudige taal kom dit hier op neer:

Gestel dat ons 'n historiese gebou wil bewaar wat op 'n terrein aangemerkt vir sake-ontwikkeling staan. Wat sal nou die maatskaplike koste wees om daardie ontwikkeling te voorkom? In beginsel blyk die antwoord heel duidelik te wees: bereken die finansiële opbrengs van die voorgestelde ontwikkeling op daardie terrein – sê 1 000 vierkant meter kantoorruimte – en vergelyk dit met die opbrengs wat verkry sou word deur vergelykbare akkommodasie op die tweede beste terrein op te rig. Die verskil in opbrengs, voldoende gekapitaliseer is dan die werklike koste van die behoud van die betrokke historiese gebou.

Hulle verduidelik verder: die koste van bewaring is nie slegs die verlies van ontwikkeling op terrein A nie, omdat as ontwikkeling nie op genoemde terrein plaasvind nie, dit in normale gevalle elders sal geskied. Die ware koste van 'n saak word gemeet met inagneming van die opbrengs op die beste alternatiewe gebruik van die betrokke middele. Dit is tog 'n belangrike ekonomiese beginsel.

Beide Stocks en Youngson bepleit koste-voordeel-ontleding as 'n belangrike metode om tot 'n rationale besluit oor bewaring te kan geraak. Dit is gegrond op 'n vergelyking van keuses, en sodra die onmiddellike koste daarvolgens bepaal is, kan besluit word op welke wyse dit gefinansier kan word, asook die alternatiewe keuse(s) wat mag bestaan. Veral by plaaslike owerhede is hierdie metode belangrik, naamlik die verband tussen koste-voordeel-ontleding, programbegroting en besteding oor 'n aantal jare. Waar 'n koste-voordeel-ontledingsberekening met die plaaslike owerheid se jaarlikse uitgawebegroting in verband gebring kan word, kan dit daartoe bydra om te voorkom dat historiese geboue summier gesloop word op sterkte van die verskoning dat dit 'n fortuin (ongespesifiseerd!) sal kos om te restoreer.

SA Monumentewet strem bewaring

Kragtens ons bestaande Monumentewet van 1969 word beperkings gelê op 'n eiendom wat tot Historiese Monument geproklameer is, sonder dat die eienaar enige voordeel daaruit trek. Ek hoop dat die gewysigde wet voorsiening sal maak vir 'n vorm van aanmoediging, byvoorbeeld by wyse van 'n subsidie aan die eienaar om sy eiendom te restoreer, op voorwaarde dat hy dit daarna tot Historiese Monument sal laat proklameer. Dit, terloops, is reeds die geval in Holland, Frankryk en België (en in spesifieke gevalle in Engeland en Duitsland), waar 'n restaurasie-subsidie van tot 50% toegestaan word.

'n Noodsaaklike verdere wysiging is dat toegewings gemaak behoort te word aan eienaars van historiese geboue as aansporing om hulle te laat restoreer en proklameer. Die huidige posisie is dat die eiendomsbelasting op 'n vervalte ou huis, wat moontlik van groot historiese waarde

mag wees, gebaseer is op sy teenwoordige lae waardasie. Sodra dit gerestoureer is – teen groot persoonlike uitgawe vir die eienaar – word dit dadelik veel hoër herwaardeer met 'n gevolglike aansienlike styging in eiendomsbelasting. Pleks van die voordeel te trek vir sy belangrike diens aan die land deur 'n kultuurerfenis te red, word die eienaar dus gepenaliseer. En as die gerestoureerde gebou boonop op 'n erf staan wat vir sake- of woonsteldoeleindes gesoneer is, word die eienaar daarvoor nog verder aangeslaan ofskoon die ontwikkelingspotensiaal nooit benut mag word wanneer die eiendom tot Historiese Monument geproklameer is nie.

Ek pleit daarvoor dat, in plaas van verhoogde belasting te moet betaal, die eienaar wat bereid is om 'n historiese gebou te restoreer en te laat proklameer, vir 'n verminderde belasting – of selfs algehele kwytstelling – behoort te kwalifiseer. So 'n toegewing sal, veral by gebrek aan 'n restaurasie-subsidie, 'n aanmoediging wees aan ander eienaars van geskiedkundige geboue om dit te laat restoreer en proklameer.

'n Verdere ernstige tekortkoming in ons Monumentewet is dat die eienaar van 'n geproklameerde Historiese Monument nie verplig kan word om dit in stand te hou nie – ongeag hoe histories of esteties belangrik die gebou mag wees. Hier ook moet die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in staat gestel word om, in geregverdigde gevalle, die eienaar te help met 'n subsidie vir die voortgesette instandhouding van so 'n geproklameerde Historiese Monument.

Die belangrikste tekortkoming is egter dat staatseiendom normaalweg self nie geproklameer word nie, soos die ou poskantoor in Pretoria.

Verering deur bewaring

Bewaring is 'n belangrike maatstaf van 'n volk se beskawingspeil. Een waardige manier waarop hy eer kan bewys aan sy groot seuns – hetsy beroemde staatsmanne of gevierde kunstenaars, skrywers en digters – is om hul wonings vir die nageslag te bewaar.

Wat sou byvoorbeeld 'n pasliker monument vir generaal J B M Hertzog gewees het as dat sy pragtige voorvadershuis in Kaapstad gerestoureer en bewaar kon gewees het. Slegs die Anton Anreith-beeldjie in 'n pediment aan die straatkant van dié eens statige ou herehuis was geproklameer tot Historiese Monument – en dié gaan – as 'n spesiale toegewing deur die ontwikkelaars! – êrens ingebou word in die nuwe toringblok wat op die terrein opgerig word.

Soos die geval is in baie oorsese lande, behoort daar ook in Suid-Afrika van owerheidsweë voorsiening gemaak te word sodat maatskappye of private persone wat bereid is om sulke, vir die nageslag belangrike, geboue op eie koste aan te koop en te restoreer, dié tegemoet-

koming gegun sal word om die restaurasiekoste as 'n gedeeltelike inkomstebelastingaftrekking te kan eis.

Wat moet ons bewaar?

Wat moet ons in hierdie veelfasettige geboorteland van ons bewaar?

Kortliks saamgevat:

1. die tydelike woninkies van die eerste veeboere en trekboere na die binneland, naamlik–

(a) kapsteilhuisies in Suid- en Wes-Kaapland;

(b) hartbeeshuisies (letterlik hardebiesies) verder Noordwaarts;

(c) byekorff-kliphuisies aan die hange van die Kareeberge, tussen Williston en Carnarvon.

2. Ons gracieuse Kaaps-Hollandse argitektuur – Suid-Afrika se bydrae tot wêreldkultuur.

3. Die sierlike-simmetriese platdakhuisies in Graaff-Reinet, Colesberg ens. wat ek graag as Karoo-argitektuur beskryf.

4. Britse setlaarsargitektuur, wonings van ryke verskeidenheid in Oos-Kaapland.

5. Duitse Setlaarsargitektuur, stewige praktiese huise rondom Oos-Londen en omgewing.

6. Georgiëanse en Victoriaanse argitektuur waarvan uitstaande voorbeelde nog in baie dorpe en stede van Kaapstad tot in Johannesburg bestaan – asook “Volstruispaleise” uit dieselfde tydperk in Oudtshoorn en omstreke.

7. Interessante voorbeelde van Bantoe-boukuns, onder meer die tradisionele hutte van die Ndebele-stam met hul veelkleurige geometriese ontwerpe.

Dit alles is ons ryke, gemeenskaplike, argitektoniese erfenis wat ons liefderik vir die geslagte ná ons moet bewaar – ons wat op hierdie tydperk slegs die kuratore daarvan is.

Waarom moet ons bewaar?

1. Ons moet bewaar omdat 'n volk sonder geskiedenis soos 'n man sonder geheue is. Historiese geboue is 'n versinbeelding van die geskiedenis – die mylpale daarvan. In die bewaarde gebou kry geskiedenis sy gestalte.

2. Ons moet bewaar omdat die geboue uit die verlede 'n bewys is van die feit dat ons lank reeds hier is en hier hoort. Die historiese geboue is die eiendomsreg en transport tot die land wat ons liefhet.

3. Ons moet bewaar omdat ons nie die voetspore van ons voorsate goedsmoeds mag uitvee nie.

4. Ons moet bewaar omdat ons deur behoud van die goeie uit die verlede verhoed dat alles orals saai en eenders lyk.

5. Ons moet bewaar omdat 'n stad wat organies groei veel meer van die mens is as iets wat vir hom beplan word. Die beste bewys hiervan is dat Niemeyer, beplanner van die grootste en mooiste moderne stad ter wêreld – Brasilia – nie self daarin kon uithou nie en teruggevlug het na Rio de Janeiro. In Brasilia is alles

beplan, niks onverwags nie. In Rio het elke straat daarteenoor sy verrassings.

6. Ons moet bewaar omdat ons ou dorpie en stede beplan is voordat die motor ons lewens oorheers het. In Brasilia is daar rekening gehou met al die eise van moderne verkeer en die strate is so groot en wyd en voorspelbaar dat daar niks onverwags meer oorbly nie, behalwe die jaagbane! Daarom verkies ek Graaff-Reinet en Stellenbosch met die gevoel van „saamwees” liever as die jaagbane van „reisigers na nêrens”.

Daarom verkies ek ’n stad soos die ou Kaapstad waarin daar mense gewoon het, bo die „Foreshore” waarin niemand meer woon nie.

Daarom is Paarlita-park, die dorpie binne ’n dorpe, wat ons groep vir ons fabriekwerkers in die Paarl opgerig het, met sy wisseling van planne en plasing, sy erkenning van die „privaat wees”, maar tog „saamwees”, soveel beter as die normale sub-ekonomiese skema of die eentonige woonstelkompleks.

7. Ons moet bewaar omdat dit ook vandag meestal sosiologies sowel as ekonomies goedkoper is om te herstel as om net maar te sloop.

Bewaar dus, want bewaring beteken die behoud van eie identiteit en die vermyding van dodelike eentonigheid.

Slot

En nou glo ek u en ek is op dieselfde golfengte wanneer dit gaan oor die betekenisvolle belangrikheid, uit kultuurhistoriese oogpunt gesien, van bewaring vir enige beskaafde land, en in die besonder vir ’n jong snelgroeiende land soos Suid-Afrika, waar ons soveel minder het om te bewaar as in die veel ouer wêreldlande.

Kan ek u vertel wat die Nobel-pryswenner, die verbanne Russiese skrywer Aleksander Solzhenitsyn, gesê het nadat hy op 4 Julie vanjaar ’n eerste besoek aan Williamsburg gebring het, waar meer as 10 000 besoekers die 199ste viering van die Amerikaanse „Declaration of Independence” bygewoon het. Sy woorde was – en ek haal aan –

“Die bewaring van ’n volk se tradisies is ’n baie belangrike faktor vir die behoud van nasionale identiteit.

“Dit is bitter jammer vir ’n land wanneer sy tradisies soos met ’n byl afgekap word – soos tans in Rusland. My besoek aan Williamsburg vandag het my oortuig dat die VSA wel sy tradisies kan bewaar en in stand hou en selfs uitbou.” Sover Solzhenitsyn.

My eie bede is dat daar eendag ook van Suid-Afrika gesê kan word dat sy haar tradisies bewaar, in stand hou en selfs uitbou.

Elke beskaafde land is trots op die spore wat hy getrap het op sy ontwikkelingspad – en die sigbare spore van ons kultuurerfenis is ons historiese geboue. Laat ons hulle dus sorgsaam bewaar en in pand hou vir die nageslag, want hulle

is inderdaad die „transportaktes van dié land wat ons liefhet”. Mag die geslagte wat kom ons nooit dáarvan beskuldig

dat ons ons eie voetspore doodgevee het nie.

Tegniek, Oktober 1975

Bewaringskonferensie Pretoria 2 Junie 1976

Gevra: ’n nasionale beleid

Martie Retief

Sommige sê dis die elfde uur; ander sê dis die dertiende uur, maar wat ook al, dis duidelik ten minste kwart voor twaalf wat bewaring in ons land betref.

As die Administrateur onlangs ’n vergadering in Pretoria bygewoon het, sou hy seker darem nie so maklik gesê het nie dat diegene wat nog teen Kerkplein se vernietiging wil kla, net hul tyd mors. Hy sou ’n vergadering van mense, professore, beplanners, navorsers, argitekte en doodgewone studente, gevind het wat téén die stofwolke van stootskrapers met erns, kommer en doodgewone gesonde verstand beplan het.

As Kerkplein dan ’n verlore saak moet wees (en niemand wat ’n jota of ’n titel vir bewaring omgee, sal dit glo totdat die Wesfasade nie meer daar is nie,) is daar genoeg mense met genoeg kennis en insig in die land wat sal sorg dat wat ons eie is, wat ons kulturele erfenis is, wat ons natuurbesit is, in die toekoms beveilig gaan word.

Hierdie mense se wapen is ’n nasionale lys van bewaarbare dinge in ons land.

Al wat hulle kortkom, is ’n nasionale beleid.

Aksieplan

Die Stigting Simon van der Stel en die Instituut van Transvaalse Argitekte was vandeeweek die gashere op die vergadering wat dinge bespreek het soos ’n plan van aksie om bewaring deel van ons bestaan te maak.

Die boekhouding van die volksgevoel en bewaring staan op die oomblik so: ’n onteenseglike bewys van bewuswording van die omgewingsleer, ’n behoefte om argitektoniese sierade, geskiedkundige bakens, dinge wat ons identiteit as Suid-Afrikaners in hierdie land staaf, te red.

Hiervoor beywer talle mense dwarsoor die land hulle in klein plaaslike verenigings, of alleen as studente of net as belangstellendes om lyste te maak van ons eie-goed; om die geskiedenis daarvan te skryf, of om vir die behoud daarvan te stry.

Dit is ’n spontane volkswil wat nee sê teen ongebreidelde sloping, stadsuitbreiding, beplanning en minagting van die mens en sy behoeftes.

Lewenskwaliteit is die woord om die mens se krisis te beskryf.

Die gevaar

Die spaghetti van paaië wat stede ver-

wurg, die platteland ontsier; die ongehooflike amptelike rompslomp om ôf ’n ja ôf ’n nee vir ’n huis langs ’n spruit of ’n woonstelgebou op ’n koppie, of ’n toringgebou voor ’n bergkruin te kry; die vernietiging van geskiedryke, aanskoulike geboue om plek te maak vir ’n glaskas met meer ruimte, (dikwels die werk van die oorspronklike eienaars van die ou gebou!) – al hierdie dinge wil die mens tot onderdeel van die masjien van menswees dwing.

In Europa en Amerika het hulle die gevaar gesien. Ons het talle voorbeelde van die pogings van mense om hul lewensklimaat te verbeter, en, om hul identiteit te behou.

Na sulke voorbeelde en met bykomende navorsing het die bewaringskomitee van die Instituut van Transvaalse Argitekte ’n aksieplan opgestel. Die provinsie word in nege streke verdeel. Elke streek sal gefynkam word om geboue en antiek aan te teken wat bewaar moet bly (nie net ou geboue nie, selfs jonger wat spesiale argitektoniese en kultuurhistoriese en selfs tegniese merkwaardigheid besit).

Hierdie leiding word deur die ander provinsies gevolg.

Habitatraad

Die Habitatraad is ook besig om natuurgebiede te lys en toenemend word kennis geneem van kleiner verenigings wat hul spesiaal op spesifieke bewaring toelê, soos o.m. die Morelettaspruitvereniging. Om ’n moederliggaam oor hierdie lande maar afsonderlike pogings te span, is vandeeweek besluit om die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede te erken as die opperliggaam. Duidelik sal hierdie raad meer magte, beslis meer geld moet kry.

Om verdubbeling van werk te voorkom, sal die Stigting Simon van der Stel as die burgerlike samesnoerder gesien word, terwyl die Habitatraad die natuurbewaringspogings sal saamsnoer.

Dinge soos finansies, regsprobleme (legio in die bewaringswêreld!) koördinasie van en met regeringsliggame, is onder oë geneem.

Niks kan eintlik die bewaringsgedagte stuit nie, want hoewel geld altyd ’n probleem is, blyk dat daar wel middele beskikbaar is by dese en gene navorsingsinstansies.

Stadsargief

Vir my baie bruikbaar, was ’n voorstel dat stede en dorpe hul eie argivarisse

aanstel. Geen meer koste nie. Vervang net die publisiteitsvereniging en moontlik die skakelbeampte. By so 'n bietjie nadink moet 'n mens jou tog afvra: wat presies dóén 'n publisiteitskantoor nou eintlik vir 'n stad. 'n Argief kan die werk óók doen – net deegliker.

● Miskien wás die heel dwingendste gedagte op die vergadering die noodsaak dat bewaring nasionale beleid moet word – soos aparte ontwikkeling nasionale beleid is.

En in min dinge, sou ek dink, word die owerheid so goed deur die volkswil gelei as juis in hierdie behoefte om te bewaar.

Die Beeld, 4 Junie 1976

Conservation conference

Move to preserve historic sites

The Institute of South African Architects, working in conjunction with the Simon van der Stel Institute and various Government Departments, are doing a survey throughout South Africa in order to find all places of historical value, with the idea of having them restored, preserved and declared national monuments. The Institute has nominated a convenor for each of the areas that they are working in and the convenors are assigned to find places of historical value that have possibly been neglected or have never received their proper acclaim and to subsequently have these places restored. Mr A O Endres, an architect from Johannesburg, has been nominated to convenor for the Lowveld area stretching from Tzaneen to Badplaas and from Lydenburg to Komatipoort and including all the towns that lie within *The Lowveld*'s circulation area.

The Institute has written to the mayors of each of the towns in the area, asking them for any help or suggestions and also outlining their task.

Mr Endres has made an appeal to all persons living in his area, who have a historical background or interest, to work with him and help him to locate any unknown or unrecognised places of historical value, to do research on the places. He intends later to form a sub-committee of interested persons in each town, that will help in this work.

The historic places can be houses, bridges, roads, tunnels, trees, block houses, or any other places that could have been connected with the very rich Lowveld history.

After the places have been located, research will have to be done by the volunteers on their history and background, photographs will have to be taken, and the place in question will have to be categorized and classified on a

points system. After this the file will have to be submitted to a meeting of the committee that is made up of all the convenors of the respective areas.

The convenors will then decide which of the places of interest are worthy of preservation and these will be sent on to the Institute of South African Architects for their approval. Following their approval the files will be sent to the various Government Departments and the Simon van der Stel Foundation for possible financing for the restoration and preservation works.

Mr Endres said that it is a long term project and could take up to 20 years, but, he and the other convenors are certain that people in their areas who have a historical interest would gladly come forward and do this rewarding work without expecting remuneration.

Mr Endres gave an example of people that they wanted to work with them and in his list he mentioned all professional people such as teachers, lawyers, architects, doctors, shop keepers, general businessmen and journalists.

He stressed that the Institute could offer these people no salaries, the volunteers would be placed under no obligations and it was an extra-mural activity that would help to preserve the history of our country.

As an example of a place that would be researched and delved into is the reputed tree, somewhere between Nelspruit and Komatipoort, where the President of the Transvaal Republic, Mr Paul Kruger, gave his last public speech in the Transvaal before he crossed over to Mocambique and then into exile.

The volunteers would be delving into the history of places like this.

They would have to ascertain the exact location and do research and find out if the history connected to it was factual and then would come the compiling of a file on the place, with the aim to having it categorised, and photographing the actual tree.

All interested persons can get into contact with Mr A O Endres at Box 9030, Johannesburg (telephone 834-4527) or write to White River, Box 557.

Die Laevelder, 2 Julie 1976

Conservation conference

Points System for Old Buildings

Transvaal architects have a plan which they hope will lead to the preservation of all the Transvaal's significant buildings, reports

James Clark of CARE

Take your favourite old building – maybe it's the Rissik Street Post Office or a

farmstead out of town. Now ask yourself how you would argue for its preservation against an authority which wanted to demolish it to make room for a modern office block.

How would you go about "proving" it was worth preserving?

The need to assess the value of significant buildings is very important – particularly as one is, most of the time, arguing against engineers and economists who mainly have to justify their own decisions with statistics.

The Transvaal Provincial Institute of Architects has decided on a method which should satisfy most people, and may well, it hopes, one day be incorporated in legislation controlling development and demolition in urban areas. The institute wants to use the method to establish an inventory of significant buildings worthy of preservation in the Transvaal.

Mr S A Abramowitch, chairman of the institute, told *Care* that by the end of the year the institute hoped to have a preliminary list of buildings which "in terms of a value system we have worked out, are judged worthy of preservation". By the same time the institute hopes to have drafted some model legal clauses which could be incorporated into the appropriate legislation.

The Transvaal has been divided into four regions and each will be researched by a sub-group of the institute for the purposes of identifying "buildings and environments of significance".

As far as measuring the worth of buildings is concerned a 35-point value system has been established, and if a building rates 25 or more points then it will qualify as a "Significant Transvaal Building proposed for preservation".

The points system goes like this:

Architectural merit 5
Cultural significance 5
Historical significance 5
Environmental situation 5
Structural significance 5
Use of materials 5
Functional significance 5

The Star, March 1, 1976

Apology

The illustration "Advertising Preservation" which appeared on page 66 of *Restorica 2* came from *Preservation News* of February, 1976. We regret that acknowledgement was inadvertently omitted.

Konferensie oor hoë geboue

WAAK TEEN MONUMENTE

Minister J J Loots

Die waarnemende Minister van Openbare Werke, mnr J J Loots, het gevra dat daar gewaak moet word teen verkwinging in die bou van hoë geboue.

„As ons hoë geboue moet bou, laat dit goeie hoë geboue wees wat die beste waarde vir geld is. Laat ons verkwinging vermy en nie daarvoor veroordeel word dat ons nuttelose monumente bou nie.” Mnr Loots se toespraak is aan afgevaardigdes voorgelees deur die Sekretaris van Openbare Werke, mnr A Howard, by die driedaagse Suid-Afrikaanse konferensie oor Hoë Geboue wat in Johannesburg gehou is.

Mnr Loots het die belang van die bouwyerheid bekragtig deur daarop te wys dat die totale beleggings hierin jaarliks R3 000 miljoen beloop. „Baie van die beleggings is in hoë geboue omdat ekonomiese druk ons dwing om hoër te bou. Die vraag ontstaan egter of hoë geboue die antwoord is. Los dit ons bouprobleme op of is dit miskien 'n bron van nuwe probleme? Hier word in besonder verwys na die vraag of die huidige benadering tot die oprigting van hoë geboue korrek is, gedagtig aan die besondere behoeftes in Suid-Afrika. Is die geboue ekonomies geregverdig en nodig, of word ons houding teenoor hulle miskien buitensporig deur aspirasies tot grootsheid of die begeerte om monumente ter ere van tegnologie op te rig, beïnvloed?”

Mnr Loots sê dat dit algemene kennis is dat die koste verbonde aan die oprigting van die geboue geweldig styg. So ook styg die waarde van grond in die sentrale sakegebied en daar word voorgestel dat nog hoër gebou moet word.

Die Transvaler, 19 November 1975

Hoër bly kos meer

Dit is gewoonlik moontlik om 'n gegewe hoeveelheid huisvesting goedkoper te verskaf in 'n lae gebou as 'n hoë. Hoe hoër die gebou, hoe hoër is die verskil in koste.

In 'n redelik omstrede toespraak het mnr D Sampson, direkteur van 'n firma van raadgewende handelsekonomie, aan afgevaardigdes by die SA Konferensie oor Hoë Geboue gesê dat in Johannesburg die verskil tussen 'n blok van hoë en lae geboue tot soveel as R2 miljoen kan wees.

„Maar,” waarsku hy, „selfs al word geboue weer laer gebou, is dit te betwyfel of enige besparing in huurgeld of kostes hieruit sal voortspruit. Dit sal eerder ingeplou word in 'verbeterings' of 'gesteel' word deur eienaars of ontwikkelaars wat 'n baie skerpsinnige gevoel het oor wat die huur kan wees.”

Mnr Sampson, wat gepraat het oor die ekonomie van hoë geboue, het voorgestel dat die owerhede nie geboue van hoër as tien verdiepings moet toelaat nie. „Dit is nou nodig om op kapitale uitgawes te besnoei. Daar is geen nodigheid om hoë geboue te bou nie,” sê mnr Sampson.

Die Transvaler, 19 November 1975

Kind nie kind in die hoës

„'n Bevinding waarvoor navorsers geen-sins verskil nie is dat hoë geboue ongeskik is vir opvoeding van kinders.” Sô het mnr C F Swart, senior navorsers by die Instituut vir Stedelike Studies by die RAU, gesê toe hy by die Suid-Afrikaanse Konferensie oor Hoë Geboue in Johannesburg opgetree het.

„Deskundiges oor kinderopvoeding toon aan dat speel uiters noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die kind en dat die geriewe hiervoor dikwels in hoë geboue ontbreek. Dit is veral kinders op die hoër verdiepings wat probleme ondervind om in aanraking met die natuur te kom. Moeders kan dikwels nie die kinders na buite vergesel nie, met die gevolg dat hulle binnenshuis moet speel. Benevens die groot waarde wat aanraking met die natuur vir die kind se opvoeding inhou, het dit ook die fisieke voordeel van daaglikse verkeer in die ope lug.

„Wanneer kinders nie deur ouers vergesel word nie, verswak die beheer oor die kind. In sulke gevalle kom die kinders dikwels onder slegte invloede wat nie deur die ouers geneutraliseer kan word nie, met gevolglike spanning tussen ouer en kind. Steurnis word veroorsaak wanneer die kinders in die woonstel self moet speel. Op hierdie wyse speel hulle dan minder met ander kinders, behalwe hulle broers en susters. As gevolg van die min ruimte in die woonstel is die kinders voortdurend in die ouers se teenwoordigheid en kan hulle ook nie maats ontvang nie.”

Mnr Swart het verder gesê dat die in-

vloed van die fisieke omgewing op die gesondheid van die mens blyk uit 'n hele aantal studies. In een ondersoek is bevind dat bewoners van hoë geboue die spreekkamers van 'n dokter meer dikwels besoek as bewoners van huise. Bewoners van hoë geboue is ook meer dikwels na 'n spesialis verwys en 'n hoër frekwensie van longsiektes kom voor as by hulle eweknieë in enkelwoninge.

Nog 'n ondersoek het getoon dat neurotiese simptome drie maal soveel onder moeders tussen die ouderdomme 20-29 voorgekom het. „Die voorkoms van psigoneurotiese faktore is twee maal soveel by inwoners op die boonste verdieping as by diegene op die grondverdieping. 'n Geleidelike toename is waargeneem hoe hoër beweeg is. Vroue oor 30 jaar het, ongeag die soort woning, ooreenstemmende psigoneurotiese koerse getoon.”

Mnr Swart het bevind dat hoë geboue geskik is vir jong mense en getroudes sonder kinders. „Die grootste probleem wat jong mense in die stede in die gesig staar, is isolasie en daar bestaan dus 'n dringende behoefte aan kanale om ander jong mense te ontmoet?”

Navorsing het getoon dat 70 persent van diegene wat na hoë geboue verhuis het, dit gedoen het omdat hulle daardeur in noue kontak met hulle geesgenote wou kom. Anders as gesinne met kinders het enkelinge dikwels nog nie primêre kommunikasienetwerke opgebou nie en bied die toringgebou moontlikhede in hierdie verband.

Ander ondersoeke het die rol wat die hysbak speel in die totstandkoming van sosiale verhoudinge baie sterk beklemtoon. Dit word gesê dat die hysbak sosiopetaal is – dit bring mense na mekaar toe. Dit dien as 'n vertikale straat wat alle inwoners moet gebruik.

Op hierdie wyse voorsien hoë geboue vanweë hulle groter digtheid die moontlikhede vir interaksie en asof die negatiewe aspekte in 'n mate geneutraliseer kan word indien besondere groepe mense hierdie geboue bewoon.

Rapport, 23 November 1975

Urban Design 76

At a recent symposium organised by the Transvaal Provincial Institute of Architects, Professor David Crane, a leading American authority on urban design, outlined current concepts in America which are having a significant influence on the urban scene.

Professor Crane stated that architecture and urban design are shaped by the changing social, economic and political outlook of the people. Current national policies in the US create more contacts

between architects and government than previously. While encouraging the development of the theory of urban design, this contact also illustrates the fact that there are very few true and inexorable solutions to the problems of urban design – problems which are particularly resistant to solution.

Pluralistic development

Urban design is as old as the Tudors – there is nothing new about its basic concerns, but the term itself first came into use 20 years ago in Pennsylvania. At that time it was an expression of the revulsion of architects against interdisciplinary planners who, they felt, had left out a sense of art in their over-all planning. Since then the term has changed its meaning according to the changing outlook of the times. Today it is concerned with the natural environment. The forces of urbanization have led industrialists, sociologists, etc. to question the effectiveness of traditional professions such as architecture and town planning. In the past forty years there has been a diminution in the traditional role of the architect. The rapid world-wide urbanization, the radical changes in communication which have in turn changed the fabric of our social life, have led to the establishment of new financial and political institutions – even to the formation of new states. This pluralistic development in our value systems has destroyed any possibility of a homogeneous society – where once there were kings there are now bureaucracies.

On the positive side, there has been an increase in urban consciousness in all sectors of society – government, educational and corporate life have all been deeply affected by this. Lawyers, businesses and other sections of the community have all begun to develop specialised education programmes to cope with the manifestations of this consciousness. Professor Crane believes that this trend has important implications for the professions involved – the specialists must now all contribute to a process, where management is the most important instrument.

In America there is now a comprehensive industrialized approach to urban affairs – architecture still has a great deal to contribute but must make fundamental changes in its approach if it is to be a part of the process. Traditional ethical concepts – such as the one where the architect stands between the client and the contractor – no longer pertain. Today the user of the space, the source of the finance, the developer, the differing regulatory agencies all have a client-type role while the building industry is equally fractionated. The designer is now working for a number of different interests, which changes the allegiances between the designer and the client.

Strategy for design

Professor Crane stressed that what is needed is a more influential “strategy for design”. Urban design is a strategic concept for influencing form. A new theory for urban architecture is needed – a concept based on the pluralism of our societies.

This theory must be based on better information – it must have an element of objectivity and reflect the population’s deeper urban consciousness.

The architect must recognise the basic ascendancy of human values and needs and must reconcile his own needs accordingly. The alternatives must be designed in so that the design can be held up to the light and can be changed if it conflicts with important interests not previously considered.

The designer must be aware of the immaterial character of the city – solving a problem does not necessarily mean physical action, as there are institutional means which can be used as well. In fact the city is difficult to conceive in a finite sense – it is fundamentally dynamic. Professor Crane used the term “cities on wheels” – the means of mobility fundamentally change the possibilities of architectural form and its ingredients. Our cities are subject to continuing growth and change – the fact that this change is sometimes violent should not allow us to wipe out everything of value.

The city is the product of a thousand designers, and it cannot be conceived by one person or group. The citizen must therefore be invited to participate.

All these conditions require that there must be greater versatility in the designer’s approach – he must learn to be strategic. Urban design can apply to systems, not only to buildings. It must be shaped by the policies and social contacts of the citizen, and the decisions which he makes about the shape of his society. In this context traditional definitions of the architect and how he must be taught have changed – he must now work as part of a process in which many other specialists are involved.

Planning & Building Development,
20 May/June 1976

Road plan causing chaos

Transvaal local authorities are crippling township developers and have helped jack up land prices by as much as 36% in the last two years, through holding back township applications until their proposed new road plan for the PWV (Pretoria / Witwatersrand / Vereeniging) area has been adopted.

Hitting out at the authorities, developers

say that there are many areas relating to the preparation of this master plan which savour of inefficiency and decided heavy-handedness in the authorities attitude to the township industry.

Two years ago, the Roads Department of the Transvaal Provincial Administration decided to prepare a blueprint of major road networks for the PWV area, and since then the whole industry has been in a turmoil, with the continued “freezing” of substantial areas of land for which payment might only be made in many years time.

Township developers point out that the demand for single dwelling units in the Witwatersrand area alone is approximately 12 000 to 15 000 units a year, and the slowing down or “freezing” of township applications has brought about an artificial shortage of residential erven.

This artificial shortage, in turn is unrealistically jacking up prices of stands, and adding to the inflationary spiral.

Despite repeated pleas from the township developers, it would appear as if the Roads Department is just not able to attract men of a high enough calibre to the department to handle the day-to-day problems of a gigantic scheme of this nature. Or perhaps, they say, certain officials are just not prepared to delegate some of their powers.

Proposed highways will, in certain instances, pass through built-up areas with the result that owners of homes will be let in a state of suspense for many years to come.

Township developers say that they will just not be able to process township applications as speedily as they should be doing, until the PWV road mess has been sorted out.

The Sunday Times, July 18, 1976

State help needed

Without adequate funds the immense task of preserving historic buildings is something of a lost cause and the case for State support was admirably presented by the MEC in charge of Local Government, Mr Frans Conradie. Unless the system of financial priorities was adjusted “historically valuable and irreplaceable buildings cannot be saved”. He singled out the old Sendinggestig in Long Street and the west side of Church Square in Pretoria, and preservationists could no doubt add many others to the list. A country is judged by the respect which it accords to the past and Mr Conradie’s argument emphasizes that action is not a matter of ifs and buts and rather for placing in the forefront of Government spending. The

planning requires a sense of urgency and a re-assessment of our scale of commercial and cultural values. The cause of preservation has been argued many times in these columns and, in view of Mr Conradie's contribution, it is timely to revive the case for the establishment of a National Trust similar to that which operates so successfully in Britain. Some two years ago a correspondent who has ploughed large sums of his own money into a magnificent restoration project wrote in a letter to the Editor: "In South Africa there is no equivalent of the British National Trust which has financial and public backing for taking over houses and even large tracts of land for preservation for the public." The observation goes to the root of the problem. It would be ungracious not to acknowledge the work which has been done by organizations like the Historical Monuments Council, the Simon van der Stel Foundation and several private bodies, but it is not enough. The inroads which are being made by developers have reached alarming proportions and only the State can provide, in Mr Conradie's illuminating phrase, "planning with teeth - money teeth".

The Cape Times, July 21, 1975

6 New wildlife areas on way

Six new wilderness areas are to be proclaimed in the years ahead, Mr Braam Raubenheimer, Minister of Forestry, said recently.

Opening in Pretoria southern Africa's first symposium on endangered wildlife he said the new areas would more than double the present size of wilderness protected by the State.

But he asked if enough land is being set aside to protect endangered wildlife in natural surroundings.

More people will be wanting to visit reserves which should be easily accessible to them while being large enough to cope with the influx and conserve at the same time, he said.

Wilderness areas are preserved mainly for posterity and sometimes for scientific reasons have to be closed to the public. But as the full development of man's character, intellect and physique can be achieved only if he maintains contact with the natural environment of which he is a product, the public is encouraged to visit reserves, he said.

The Pretoria News, July 23, 1976

R200 000 om natuur te bewaar

Die SA Natuurstigting het reeds bykans R200 000 ingesamel vir die stigting van natuurreservate in die Groot Karoo, het dr Anton Rupert in Johannesburg aangekondig by die algemene jaarvergadering van die stigting. As president van die SA Natuurstigting het dr Rupert die reaksie van die publiek en veral die skoolkinders van Suid-Afrika geloof wat meer as 400 000 spesiale Karoo-seëls verkoop het.

„Vir die eerste keer in die geskiedenis van ons land word twee natuurreservate,

te Beaufort-Wes en Graaff-Reinet gelyktydig, deur die publiek self daargestel. Dit is 'n pragtige blyk van vertroue in ons toekomst hier en 'n aansporing vir almal," het hy gesê.

„Gedurende die afgelope jaar is planne vir 'n grootse nuwe bewaringsprojek deur die owerhede bekend gemaak. Dit behels die skepping van 'n aaneenlopende natuurbewaringsgebied in Suidwes-Afrika, wat van die Skedelkuspark tot die Etosha-Nasionale Park sal strek en ongeveer 72 000 vierkante kilometer sal beslaan. Dit is driemaal die grootte van die Krugerwildtuin en bykans dubbeld so groot as Switserland."

Hoofstad, 10 April 1976

Some thoughts on domestic architecture

C W Dreyer

A house is usually the family's biggest single investment. This being so, does enough forethought and preparation precede its construction? In my experience more trouble is taken preparatory to the purchase of the family car.

Every cultivated individual will surely live more creatively in surroundings tending towards architecture which can be defined as the material expression of culture. Children might even be happier in such an environment, and could become more cultivated individuals as a result of this early experience than would be the case were they to mature in a succession of impersonal speculation houses, which by their very nature can only with great difficulty be transformed into homes. Researchers in psychology have found that those children who were given the opportunity to listen to good music during their early years often had an intellectual advantage over those from less artistic backgrounds. How much greater is the influence of architecture?

Poetically reposeful surroundings combined with a sense of shelter, with flowers, shrubs, trees, graceful lawns, quiet walks, sequestered nooks, interpenetrating the spatial outflow of the house, all intimate and according to the human scale, a mature retreat that can truly be called a home, need not be beyond the reach of those who can afford the average pattern book house available today in its many neo-what-have-you stylistic variations.

An organic or natural house requires long-term planning. In order to avoid unnecessary expenditure, and to achieve

the most personal result this preparatory work can be done by the building owner himself.

The first essential is to choose and buy the site. Difficult land to build on can often be bought for less than an uninspiring flat site. Ingenuity, coupled with the techniques available today make it possible to build almost anywhere. Rocky and uneven sites sometimes have more artistic potential. In my opinion a view is now essential where privacy is paramount. The spatial and sculptural experience afforded by the house and garden, contact with and appreciation of natural materials and plastic structural continuity more than compensate for a spread of cement tile roofs. View and privacy can be combined by incorporating a roof garden. Land is sometimes cheaper in the older lower class suburbs. This is an important factor when one realises that some of the newer outlying suburbs will, due to building quality being so low, become very shabby before the older areas have changed much. Itinerant workers should, I feel, concentrate more on flats, cluster houses and leasing. It is only when one becomes established in a particular place that one can put down roots. Other practical considerations such as proximity to schools, cultural centres, shops, work and availability of transport, must be attended to. If possible the land should be paid off before starting to build and use made of the interim period for planning, allowing plenty of time for the design to mature and take its final form. Farmhouses and homes on smallholdings will require different and further considerations as to siting. Finally, the local au-

thority should be consulted about future development of that particular area.

Before consulting an architect who, due to his depth of experience, knowledge of materials, construction, planning, administration, feeling for landscape, design ability and acquired culture, can help one carry through embryonic ideas and avoid costly mistakes, the owner should try to design the house himself, or at least draw up a long-term programme of accommodation, which may include additions at a later stage, reflecting one's lifestyle and noting that necessary to ensure its continuance, furniture, valuable personal possessions etc. When selecting an architect, examine his executed works and if possible, some of his drawings. A good quality to look for is an infinite capacity for taking pains. There should also be empathy and a common cultural background. It will prove well worth while to read books on the appreciation of architecture, of which many are available. Does one not do the same when developing a taste for music? Hosts of magazine cuttings showing the desired appearance of the house can only be an impediment and is also superficial. Rather allow group character to reflect by way of spatial orchestration, mass, surface, three dimensional composition, the nature of materials, appropriate structure, integral ornament, landscaping and environment, lighting, – as a development of and rooted into a truly practical, but not mundane, solution of the problem presented. No magazine cutting or postcard will then be able to do justice to the aesthetic experience of the house and garden.

Points of appreciation include simple natural materials such as brick, stone, wood, baked clay, faience, and others for example concrete, metals, glass and some synthetics, – all used naturally for their own sake and carefully chosen according to the elimination of the insignificant with a view to the organic whole as a simple intrinsic entity. Also, consider the soft glow of white limeplastered overhanging eaves extending over a window without a visible lintal and reflecting light into a room; the translucent opalescent diffusion of light through glass fibre; the soft shading and play of shadows on well massed brickwork; the venerable green of copper sills and copings blending into the landscape; the coruscating reflected light from small panes not in one plane; the tactile warmth and texture of natural fabrics and hangings; the warmth and sense of shelter of a low-pitched weathered shingle roof; the integration of house and garden affected by creepers on sandstone walls laid on their natural bed; a reflecting pool projecting through plate glass into the living room. An organic house and environment can be a continuing aesthetic experience and enrich one's life immeasurably.

I do believe that a house should not be thought of in terms of a box orientated on a particular site fenced all round, but rather of a structural core, developing from within outwards into the landscape, with ventilation, daylighting and sun control of living spaces. Glazed and opaque insulating screens and filters can then take the place of external walls. These need no foundations and can rest on a mesh reinforced slab which could extend out into the garden, forming terraces, verandahs and lanais. The internal walls then become the expressed structure and because of their mass are very convenient sound insulators. This principle plus clerestory windows and skylights make it possible to design for comfort on any site. Walls, screens and planting extending thus from the nucleus to and along the boundaries insure privacy where it is required, or otherwise open out into the landscape. Deciduous planting shades in summer and allows the sun to penetrate in winter. Even the smallest erf can provide environmental experience in this way and not seem cramped.

When the design has fully matured, all that remains of the initial major effort is its execution. This can well be done by the owner and his family under the supervision of an architect, with specialists employed where necessary. The architect will be able to arrange for municipal approval and inspections, advise as to finance, supervision of artisans, programming of construction, ordering of materials etc. In this way money can be saved and ploughed back into quality materials, greater accommodation and more extensive design. Although it will take much longer to build, the result will be uniquely personal, and, I think, well worth the effort. The experience itself can be educational, creative and pleasant.

Ons erfenis moet bewaar word

'n Aardbewing was nodig om ons bewus te maak van watter half-vergete skatte daar op baie van ons ouer dorpe is. Nou, ná die restaurasie van baie geboue wat deur die aardbewing beskadig is, laat niemand wat 'n besoek aan die Boland bring, die kans verbygaan om 'n draai by Tulbagh te gaan maak nie. Selfs buitelandse besoekers word daarheen gebring. Tulbagh is as 't ware met 'n skok terug op die kaart gebring.

Ander geskiedkundige en skilderagtige Bolandse dorpe soos Stellenbosch, Swellendam, ens. het daardie skok nie nodig gehad nie. Daar was gelukkig ywerige

en bewaringsbewuste persone en instansies wat vroegtydig ingespring het om te voorkom dat waardevolle ou wonings en ander geboue die prooi van stootskrapers word.

Iemand het onlangs ná 'n besoek aan Stellenbosch gesê dat hy elke keer wanneer hy daar kom, wil huil omdat dit vir hom so mooi is. 'n Mens kry dieselfde gevoel as jy op Tulbagh of op Swellendam kom.

Gelukkig is daar ook op heelparty ander dorpe mense wat hulle vir die bewaring en restaurasie van mooi ou geboue uit die vorige eeue beywer. Maar daar is nie genoeg nie. En die tyd raak so bitter min. Ons dorpe word modern. Strate word verbreed, winkelsentrums gebou en parkeerterreine aangebring. Dit is alles nodig en goed, maar so dikwels is dit ten koste van wat behoue behoort te bly.

Miskien moet 'n mens die skuld nie op die stadsrade pak as daar oorhaastig tot sloping besluit word nie. Stadsrade bestaan gewoonlik uit sakemanne, praktiese mense wat daaraan gewoon is om met koue feite te werk en wat moet sorg dat begrotings klop. Op elke dorp of in elke distrik moet daar darem 'n groepie mense wees wat sterk voel oor dié dinge wat besig is om te verdwyn. Hulle behoort die voortou te neem en 'n opname te maak van wat eie aan hul dorp en omgewing is en wat werd is om gered te word. Dit is verbasend wat 'n paar geesdriftige, bewaringsbewuste mense kan vermag.

Ons erfenis moet bewaar word. As 'n mens 'n besoek aan Tulbagh bring of as jy in Stellenbosch se Dorpstraat op ry, besef jy waarom.

Die Huisgenoot, 11 September 1976

Monument spending cut back

Spending on national monuments has been cut by nearly a third this year.

The National Monuments Council says that it spent R114 000 – that is R54 000 less than in the 1974–75 financial year.

Mr. A.H. Groenwald of the Council said that details of a further "special allocation" for the Old Drosdy in Tulbach were not available as yet.

The breakdown was as follows – Administration: R58 000, Capital Expenses: R43 000, Tulbach: R50 000, the Strooidakkerk in Paarl: R15 000, Voortrekker kerk in Lydenburg: R2 000.

The totals for both the previous financial year and the present one in South West Africa were R6 000.

The Pretoria News, September 24, 1976

Report of a visit to South Africa 1976

Derek Linstrum Dipl.Arch., Ph.D.,
F.S.A., R.I.B.A.

Radcliffe Lecturer in Conservation
Studies, University of York

Introduction

1.1 My visit was undertaken by invitation of the Institute of South African Architects and arranged by the Commonwealth Association of Architects; my first acknowledgement must be to Mr T Watson, Mr C Crichton and all the members of the Provincial Institutes who acted as hosts, drivers, guides and companions during a crowded programme. The tour was perfectly organised and I cannot imagine greater kindness and hospitality than I received everywhere.

1.2 The programme was:

10 March	Johannesburg
11 March	Pretoria
12 March	Johannesburg
13-15 March	Cape Town
16 March	Port Elizabeth
17-20 March	Durban
21 March	Pietermaritzburg
22-24 March	Bloemfontein
25 March	Johannesburg
26-27 March	Pilgrim's Rest

1.3 During the tour I lectured 8 times, gave seminars at 2 universities, and joined the staff twice in one university for criticisms of the students' work; I also talked at length to at least 50 architects and met many more during visits to universities and at social events kindly arranged by my hosts. My impression is that the architectural profession is becoming increasingly dissatisfied with the official attitude to what can be called in general terms 'environmental control', including conservation of existing buildings and existing areas. The Provincial Institutes vary in the scale of action they have already taken through exhibitions, lectures or other means, but in each city I found an evident concern that too much building stock of quality and usefulness is being destroyed unnecessarily. There is a growing reaction against the effect on the environment of newly constructed or proposed freeways, of planning rezoning decisions taken apparently without consideration of the effect they will have on the existing, often visually and socially high, quality of the environment, and of the total destruction of existing residential and commercial areas. In an attempt to make a possibly useful contribution based on observation of similar concerns in other countries, I offer the following comments.

Commentary

2.1 *Protective legislation*

dat die laaste poskoets die dorp binnegerol het. 'n Maand later op 15 Desember "werd het verkeer over de geheele lijn oopgesteld voor reizigers, pakketten, bagage en aan bederf onderhevige goederen", terwyl "gewone goederen vervoer" van die begin van die nuwe jaar aanvaar is.

Heidelberg se stasie het tot stand gekom aan die vooraand van groot omwentelinge in ons landsgeskiedenis. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het dit dan ook oorgegaan in die hande van die Imperial Military Railways. Dit was ook die tyd van nuwe ontwikkelings op die gebied van vervoer. Die ou stasie het die aankoms gesien van die eerste hoëwiel-fietse en in 1897 het die eerste motorrytuig in Suid-Afrika sy verskyning in Transvaal gemaak – 'n Benz Velo waarvoor president Kruger 'n goue gedenkpenning laat slaan het. By die wisseling van die eeu, kan 'n mens jou voorstel, het allerlei interessante rygoed hul opwagting by die stasie begin maak, soos Penny-Farthings en Pedal Fordjies. Ook het talle belangrike figure in ons geskiedenis hier as passasiers gekom en gegaan. So het Heidelberg gegroei en daarmee

Die hoofgebou van die ou Nzasm-spoorwegstasie te Heidelberg met sy sierlike trapgewel.

Die imposante gewel van die stasiegebou aan die perronkant.

With acknowledgement to The Pretoria News, August 25, 1976




ook sy rol aan die middelpunt van inter-provinsiale verkeer. Toe die nuwe Heidelbergse stasie in 1961, met die verlegging van die spoorlyn, in gebruik geneem is, het die ou stasie in onbruik verval. Deur die ywer van die Stigting Simon van der Stel is restourasiewerk reeds in 1969 aan die hoofgebou gedoen met die doel om dit as kultuurhistoriese museum te gebruik. Hierdie planne is egter nie verwesenlik nie en tot aan die einde van 1973 het die gebou huisvesting gebied aan die plaaslike munisipale verkeersdepartement.

Toe Rembrandt-Tabakkorporasie na 'n geskikte terrein gesoek het om 'n vervoermuseum in te rig waar hulle interessante versameling outydse rytuie gehuisves kon word, het hulle van die ou stasie te hore gekom en dadelik met die Stadsraad van Heidelberg onderhandel wat die hoofgebou en perseel op 'n langtermynbasis aan hulle verhuur het vir die oprigting van 'n vervoermuseum. Rembrandt het dadelik aan die werk gespring. Die terrein is omhein en die ou spoorweg-goedereloods tesame met twee verdere sink-en-hout-loodse wat van die Oostelike Transvaalse Koöperasie Beperk aangekoop is, is heelhuids verskuif om op die museumterrein in te pas. Die loodse is oorgeverf, van nuwe betonvloere en beligting voorsien. Sodoende is voldoende uitstalruimte vir die museum verseker. Die stasiegebou self is aan die hand van die oorspronklike planne gerestoureer. Hierdie planne het bevestig dat heelwat veranderings aan die hoofgebou oor die jare aangebring is, hoofsaaklik deure wat deur vensters vervang is en andersom. Blykbaar was hierdie oorspronklike planne nie beskikbaar toe die Stigting Simon van der Stel in 1969 restourasiewerk gedoen het nie. Daarom het Rembrandt sover moontlik die deure en vensters teruggeplaas soos dit oorspronklik was. Navorsing kon nog nie aan die lig bring wie die argitek van die gebou was nie. Alhoewel dit vermoed word dat dit moontlik Sytze Wierda kon wees, kon tot nog toe geen bewys daarvoor gevind word nie. Dit moet dus aanvaar word dat die Seksieingenieur van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM) wat ook op 24 September 1894 die hoeksteen van die gebou gelê het, die argitek was aangesien sy handtekening op al die oorspronklike planne voorkom.


Die woonstel van die stasiemeester, 'n integrale deel van die hoofgebou, is ingerig as wooneenheid vir die kurator van die museum. Die oorspronklike *Algemene Wachtkamer*, *Bureau* en *Bagasiekamer* is as uitstalruimte ingerig, terwyl die oorspronklike *Dames Wachtkamer* nou diens doen as administratiewe kantoor vir die museum.

Met die restourasieprojek is ook heelwat gebruik gemaak van ou foto's waarop die stasiegebou voorkom. Daarvolgens kon



Die laaste poskoets te Heidelberg, 15 November 1895.

Die eerste trein na Durban op Heidelberg, 15 November 1895, met die "Generaal Smit" vooraan.



Die Mpephu-kommando op Heidelberg-stasie, 3 Oktober 1898.



vasgestel word dat die oorspronklike planne presies uitgevoer is met die oprigting van die hoofgebou. Ander interessante gegewens kon ook vasgestel word, soos byvoorbeeld hoe die naamborde gelyk het en waar dit geplaas was. Sover moontlik is dit weer volgens die oorspronklikes nagevolg. Op 'n ander ou foto verskyn een van die ou Victoriaanse parafienstraatlampe wat op die perron gestaan het. Die ontwerp daarvan is feitlik identies met die ou Londense straatlampe wat nou weer op die perron aangebring is.

Al hierdie ou foto's is gekopieer en vergroot en kan vandag in die museum gesien word. Hierdie foto's verbeeld interessante grepe uit ons geskiedenis. So is daar byvoorbeeld 'n foto van 'n hospitaaltrein met verpleegsters geneem tydens die Anglo-Boereoorlog op Heidelbergstasie; die vertrek van die Mpephukommando van Heidelberg af op 3 Oktober 1898; die vertrek (of aankoms) van Mahatma Gandhi in 1910; die aankoms van die hertog en hertogin van Connaught in 1910; die aankoms van die eerste trein in Heidelberg op 15 November 1895 en 'n foto van die vertrek van die laaste poskoets van Heidelberg na Johannesburg op dieselfde datum.

As kern van die museum het Rembrandt 'n veelsydige versameling voertuie en verwante artikels byeengebring wat 'n interessante oorsig bied van die ontwikkeling van landvervoer. 'n Unieke versameling veteraanfietse en -motorfietse beeld die evolusie van die rywiël uit – van die vroegste Hobby-Horse van 1816, die *Vélocipèdes* of *Boneshakers* uit 1865, die deftige *High Ordinaries* of *Penny-Farthings*, tot by die vaartbellynde fietse van vandag. Die versameling veteraanmotors sluit skaars voorbeelde in soos 'n Oldsmobile-replika van 1901, 'n *Le Zebre* van 1905, 'n *Humberette* van 1913, die *Model T-Fordjie* en baie ander. Seldsame vervoermodelle sluit 'n Franse draagstoel uit die tydperk van Lodewyk XV in, 'n veldambulans en 'n ou Merryweather-brandweertuig uit die Anglo-Boereoorlog.

Die SA Spoorweë het ook 'n treffende bydrae gelewer deur 'n ou *Klas 16C* stoomlokomotief van 1919 tesame met vroegtydse passasiersrytuie en 'n eet-salon aan die museum toe te sê. Hierdie 'trein van gister' is weer staangemaak op 'n dubbele spoor wat op ou houtdarslêers gebou is tussen die passasiers- en goederperron en verhoog die atmosfeer van die romantiese dae toe Heidelberg aanskou het hoe viervoetige verkeer voor die aanslag van die tegnologie swig.

Die Heidelberg-Vervoermuseum is gestig as 'n diens aan die gemeenskap in ooreenstemming met Rembrandt se beleid van deelgenootskap. Dis ook 'n besondere voorbeeld van hoe 'n waardige historiese monument vir die nageslag behou kan word deur dit aan te wend vir 'n gepaste eietydse gebruik.

The choice – culture or destruction

DENIS GODFREY

On occasion it has been said my articles on Old Johannesburg – or rather, on the often senseless and mindless destruction of it for what is sometimes purely economic greed and expediency – are a bit hard on the property developers.

Anybody who saw a television actuality programme on the Afrikaans service recently should have a reply to this criticism more forceful than I can provide.

It came from the mouth of a rather innocent, baby-faced young man said to be representing a land development organisation.

His opposite number was an official of a municipality who looked for all the world like a benign undertaker.

Which, perhaps, was appropriate. The property "developer" discussed with great feeling and a sense of pained concern on behalf of the type of people he represents, the amount of valuable land taken up by cemeteries.

He and the presenter and the official chatted away happily in rands and cents to calculate that one or other old cemetery was worth such and such an amount as development land.

There was even the suggestion that it would be better to bury people in a standing position to leave more ground for their "development" plans.

Ye gods! It seems now the developers are wanting to move in on the dead, too, in their generally anti-human and contracultural drive for "progress".

How ghoulish can you get?

And what chance has culture in the form of gracious old homes and buildings, and trees and environments got against people who reason like this?

Are developers the new barbarians – the new Master Race?

And of course they are aided by groups of people in conveniently anonymous committees acting on behalf of city councils. Johannesburg's City Council, as everybody knows, recently made a somewhat historic decision – probably unique in a rich, civilised community anywhere in the world – to cut off entirely its already hopelessly inadequate allocation for the purchase of works of art for Johannesburg. Again, ye gods!

In exchange, they proudly offer a battered old market building in Newtown as a theatre. Such culture must be hard to find elsewhere. They must be joking.

Meanwhile, does anybody know the history and origin of an old church in West Street south of the Magistrate's Courts in Johannesburg?

The Star, 7 May 1976

Preserving inner city a problem

CHRIS SMITH

Some of the obstacles facing conservationists trying to preserve some of Johannesburg's older buildings were outlined by the chairman of the city's management committee, Mr J F Oberholzer, last night.

Speaking at the opening of an exhibition at the Rand Afrikaans University to focus attention on Johannesburg's significant and attractive architecture, Mr Oberholzer pointed to the economic factors which were to be considered when trying to preserve old buildings.

"With land values at between R100 and R150 a square foot you have to put forward a good reason for preserving buildings faced with redevelopment.

"If compensation was to be paid to preserve old buildings the millions of rands it would cost would make projects like the motorway system seen child's play," he said.

The Rand Daily Mail, October 5, 1976

Editor's note: We should like to suggest that Mr Oberholzer studies the British, Dutch and USA positions regarding conservation. The Netherlands already have protected townscapes, i.e. conservation areas, i.e. protected historic city centres. Conservation areas, or zoning for preservation, and techniques such as transfer of development rights are highly developed overseas. Cultural assets are more important than those economic ones of individual owners and developers.

Parktown Association on conservation

We made a number of recommendations on what we wanted preserved and protected, but the Council failed to comment on this. Since then the report prepared for the Council by the Rand Afrikaans University has been presented with detailed recommendations on the buildings and areas to be preserved.

No plan for Parktown is acceptable without the insertion of controls with this end in view. Certainly there is no Act of Parliament or a Provincial Ordinance which can be used. However, the Council should lead the way in asking for the necessary legislation and a good start

can be made by listing the buildings and areas requiring protection. The Council does control demolitions and structural alterations, most important aspects of conservation.

We would like to see a listing system on the lines of that used in Britain and most Continental countries. This would grade the buildings into (i) those to be restored and maintained intact; (ii) those where the facade must be retained; (iii) those which are valued as part of a setting and perhaps only the street facade needs to be preserved.

The first grade is obviously the smallest group, but also the most difficult to handle. These would be of the standard of a national monument, and interiors are important. Restoration and maintenance pose a problem, a financial burden that in Britain is taken care of by the National Trust and in a number of European countries by grants or remission of rates.

The second two groups are more in the position of requiring guidance in structural alterations, and controls need not be an imposition on the owners.

Conservation of areas – legislation is being prepared to cover this, but until it eventuates the Council should make its standpoint clear, as to the type of development it will permit.

Rapportryers skenk stoele aan Stigting Groot fees op oom Paul se plaas

By 'n Krugerdagviering op Boekenhoutfontein, plaas van president Paul Kruger, het mnr Willem Punt, direkteur van die Stigting Simon van der Stel 'n stel eetkamerstoele van eikehout ontvang. Die ses stoele is 'n geskenk van die Federasie van Rapportryerskorpse. Mnr Adriaan du Preez van Silverton, Pretoria, het die stoele gemaak volgens die styl van twee stoele wat vroeër vanjaar opgespoor is. Die twee stoele is vermoedelik deur die President ten tyde van sy verblyf op Boekenhoutfontein gebruik is, is aan die Federasie van Rapportryerskorpse geskenk. Daar word vermoed dat die twee stoele self ook replikas van die oorspronklikes was.

Prof Marius Swart, hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Port Elizabeth, het as geleentheidspreker opgetree. Die viering, wat deur sowat vyfhonderd mense bygewoon is, was behalwe vir die inwyding in 1973 een van die grootste saamtrekke in die geskiedenis van die plaas. Verskeie groepe het by die fees opgetree. Skoolkore het gesing en kadette van een van die Hoërsk-

ole op die dorp het aan 'n vlaghysingseremonie deelgeneem.

WJP.

agttien maande duur om die skema goedgekeur te kry.

Die Burger, 17 Julie 1976

Sandton Civic Foundation wins its spurs

If justification were ever needed for the establishment of the Sandton Civic Foundation such justification was more than amply provided by the important role played by the Foundation in the Escom powerline controversy.

On its own initiative, and in conjunction with the Town Council of Sandton, the Foundation stimulated and mobilised public opinion and action in opposing the intrusion of the Escom powerline along the Braamfontein Spruit in Sandton. Whether or not its efforts be wholly or partially successful, the Sandton Civic Foundation proved its worth and won its spurs as a champion of the rights and the viewpoint of the citizen in opposition to institutional might.

From the outset of the controversy with Escom over the proposed construction of this massive powerline, the Civic Foundation went into action.

It mobilised the support of Ratepayers' Associations throughout Sandton; instituted a highly successful protest meeting attended by over 700 Sandton residents; sparked off a protest petition of thousands of signatures; worked in close co-operation with the Sandton Town Council in all matters related to the issue; inspired Press, Radio and Television publicity against the despoliation of the environment and effectively harnessed personal contacts in the public and private sectors.

Of major importance, not only for Sandton but indeed for the preservation of the South African environment as a whole, is the fact that at last spirited and united opposition by the people concerned – the ordinary citizen, the householder, the environmentalist – has triumphed in calling halt to the steamroller power of the giant.

As the Johannesburg *Star* emphasised, inter-alia, in a leader editorial recently: "A compromise is never a victory but Sandton's fight against having those giant towers along its river park was extremely important. It revealed an intolerable situation where engineers with narrow interests are empowered to alter radically a town's plan, sully its finest scenery and devalue its homes without so much as a by your leave. But more than anything it marked a watershed in the public's attitude to high-handed and bad planning. The people of Sandton, their Civic Foundation and their Council will have done the whole nation a favour if, as a result of their battle, South Africa's planning procedures are altered."

Sandton Community, August 1976

Unieke skema op plaas beoog

Die eienaar van 'n plaas buite Johannesburg het twee jaar gelede 'n advertensie in 'n koerant geplaas om 'n huurder vir 'n huisie op sy grond te soek. Die advertensie het tweehonderd aansoeke gelok en mnr Paul Deans, die eienaar van die plaas, het besef dat daar 'n groot vraag na huisvesting in 'n landelike omgewing onder stedelinge bestaan.

Mnr Deans het sederdien twee jaar lank navorsing gedoen en nou beoog hy 'n unieke huisvestingsprojek op sy plaas, Hertford Estate, langs die pad tussen Krugersdorp en Pretoria en sowat 29 kilometer buite Johannesburg. Dit sal die eerste keer wees dat so iets in Suid-Afrika aangepak word, het mnr. Deans aan ons Johannesburgse korrespondent gesê.

Die projek, Hertford, sal inderwaarheid 'n kleinerige dorpie op die plaas wees. Die negentig huise is deur mnr. Revel Fox en Willem van Riet van Kaapstad ontwerp.

Hertford sal heeltemal selfonderhoudend wees. Boorgate op die plaas sal water verskaf en 'n eie rioolstelsel sal ontwikkel word. Die water wat herwin word, sal weer vir besproeiingsdoeleindes op die plaas gebruik word.

Altesame 7,75 hektaar van die plaas is vir die ontwikkeling afgestaan. Boerderybedrywighede sal ongestoord op die res van die plaas voortgaan en binne bereik van die inwoners wees.

Die projek maak ook vir 'n sentrale dorpsplein voorsiening, waar daar werkkamers en 'n kunssaaltjie sal wees. Mans en vrouens sal die werkkamers vir weef- en houtwerk kan gebruik. Die gebied om die geboue sal met bome en struikie verfraai word en inwoners sal lang wandelinge op die plaas kan onderneem. Daar sal in die bestaande damme gehengel kan word en perde sal aangehou kan word.

Die huise sal ingevolge die Wet op Deeltitels verkoop word, maar die eienaars sal toegang tot alle dele van die plaas hê. Hulle sal selfs aan boerderywerksaamhede kan deelneem. Die groepies huise is só uitgelê dat daar een-, twee-, drie- en vierslaapkamerwonings in 'n groep sal wees.

Mnr. Deans het reeds met die Minister van Beplanning onderhandel om goedkeuring vir sy skema te kry. Die probleem is egter dat die Dorpsgebiedewet nie vir sulke ontwikkelinge voorsiening maak nie. Die wet moet nou verander of aangepas word. Dit sal dus nog sowat

Erasmus-huis waarheen?

PETRA PIETERSE

In die naam van vooruitgang gaan Pretoria waarskynlik nóg 'n stukkie sigbare geskiedenis verloor – naas die verlies van Kerkplein se Wesfasade.

Die toekoms van die sprokiesagtige kasteel op Erasmusrand net buite die stad – oud-Pretoria se bekendste „spookhuis” – is in die weegskaal.

Altesame 90 ha van die grond wat vier geslagte lank al die trots is van die Erasmus-familie, is pas deur die Provinsiale Administrasie onteien en die jongste eienaar, mnr Emus Erasmus, met sy vrou Remona het huurlinge geword op die lap aarde waarvoor sy voorsate geswoeg, geveg, gelêef het.

'n Akademiese hospitaal moet buite Pretoria kom, het die Administrasie besluit, en hy moet kom juis waar die grootpad loop na Johannesburg, na Delmas en Verwoerdburg. Juis waar die Erasmusse amper 'n eeu lank al woon, waar die familiebegraafplaas lê, en waar die water sagter is as aan die ganse Rand.

Vir die eerste keer sedert 1892 het die Erasmusse nou geen seggenskap oor die tipies landelike woonhuis waarom soveel verhale en staaltjies gewef en waaraan soveel name toegedig word nie.

Pretoria ken die woning as die Spookhuis sedert die dae van 'n vroeë Afrikaanse rolprent met dieselfde titel. Dit was die Erasmus-kasteel, Al Debbo en Frederik

Burgers wat die prent so 'n treffer onder die Afrikaners gemaak het. Die huis se bynaam het bly steek, tot vandag toe.

Oorleweringe lui dat die plaas Garsfontein in die besit van die Erasmusse gekom het toe Cornelia Erasmus in 1852 met Jacobus Rademeyer getroud is. Dit was egter eers in 1892 dat mnr. J.J.P. Erasmus die eerste eienaar van die grond geword het.

Hy het die kasteel in 1903 laat bou deur die Italiaan Monbello. Die laat-Viktoriaanse styl is dié van 'n Nederlandse argitek, ene Van der Ben, maar met soveel swaar afwerkinge en interessante stylafwykinge dat die huis veel meer Kontinentaal lyk as Brits.

Die kontrakprys vir die kasteel was £6 800 – met £400 vir die „ekstras”.

Vandag lyk die woning met sy minstens sewentien vertrekke merkwaardig nes die oorspronklike, vertel mnr Emus Erasmus. Sowat sewe jaar gelede het hy die huis laat opknip, maar met 'n sorg wat niks aan die oorspronklike bekoring laat inboet het nie. Hy het die plafonne laat vervang en gerestoureer op die patroon van die eerstes, daar het nuwe tapyte en gordyne gekom en elektrisiteit pleks van die outydse gaslampe.


Die oorspronklike ou voordeur van Birmesekiaat – 'n standaard-deurhout van die vroeë twintigste eeu – pryk ook nog en is haas onvervangbaar.

Ook die eerste opstalle waarin die

Erasmus-huis, Pretoria. Die toekoms van die sprokiesagtige kasteel op Erasmusrand net buite Pretoria is in die weegskaal.




Fotos : Frik Dreyer





Erasmusse gewoon het voor die oprigting van die kasteel, staan nog 'n entjie van die huis.

Gestorwe familielede is aan die voet van Erasmusrand begrawe, 'n tradisie wat sou bly voortleef het, was dit nie vir die nuwe hospitaal wat móét nie.



Op 24 Junie vanjaar, 'n dag ná die grond onteien was, is grootoupa Jochem Erasmus se oudste dogter – sy was 91 – dood. Nou lê sy in 'n ander begraafplaas: „Dit sou te lank duur om skriftelik by die Administrasie aansoek te doen om haar op ons familiegrond te begrawe,” sê die Erasmusse.

Groot dele van die oorspronklike plaas is vir oud-Pretoria in voorstede opgedeel . . . Elarduspark, Erasmusrand, Menlo-park. Baie straatname in Erasmusrand heet na lede van die familie, waaronder Emusstraat, Remonastraat en Albertusstraat.

Mnr Erasmus en sy vrou dink nou aan weggaan. Hy het by die Provinsiale Administrasie aansoek gedoen om die eendom te huur – teen 'n yslike maandelikse bedrag – solank dit moontlik is. „Maar die saak is 'n teer kwessie en ons voel ons moet liever gaan.”

Dit is moontlik dat die bouwerk aan die nuwe hospitaal eers in 1980 kan begin.

Die Erasmusse het hul grond verloor, maar daar is reeds aanduidinge dat kampvegters vir die bewaring van historiese geboue hulle teen die slooping van die Erasmus-kasteel sal wil verset. As die bouplanne vir die hospitaal noukeurig opgestel word, kan die kasteel dalk behoue bly.

Maar wie gaan dán na hom omsien? Sou 'n huurder wat nie gebore en getoë is in die tradisie van die kasteel nie, nog sorg dra dat sy voorkoms so onberispelik bly?

Mnr Erasmus meen nie so nie en, glo hy, as die woning eers verwaarloos word, word dit straks bloot 'n voorwerp vir die stootskrapers.

„Ek weet 'n hospitaal is in landsbelang, maar dit was darem ons bloedgrond.”

Bylae tot *Die Beeld*, 7 Augustus 1976

Magaliesberg mine cannot be stopped – Lawyer

When the Magaliesberg Range is proclaimed a nature reserve, the law will probably be powerless to stop Consol Glass continuing its huge opencast mine.

According to a legal expert even if Consol Glass mine is illegal (and it might be seeing that the company has not waited for a mining lease before going ahead with production), the new Environmental Planning Act is probably helpless.

“By getting in ahead of the anticipated proclamation of the Magaliesberg, the glass company has got around the Act.”

The Act published only last July, states that when an area is proclaimed a nature reserve, the land may only be used for nature conservation "or for any purpose for which it was being used at the time when the land is reserved for conservation."

The expert felt that if the company manages to get a lease approved (by the Mining Lease Board and then the Minister) before the Government announces the Magaliesberg's new status, then the public is "certainly helpless." He advised that the only solution seemed to be an interdict. Meanwhile, the South African Council for Conservation and Anti-pollution (Saccap), is battling to get funds to be able to fight Consol in court.

Saccap's Johannesburg chairman, Mrs Wendy Bodman, told a CARE campaign "I have spoken to eight people in high positions, both on the commercial and the official side, regarding the mine. "Some state there are no alternative sources of silica, while others are adamant that there are.

"All expressed regret that silica has to be mined in this particular spot."

The Kommandonek Mine is in the most popular area of the mountains.

Said Mrs Bodman: "All those involved have given an assurance that adequate care will be taken not to damage the environment more than can be helped, and that restoration will be done as the operation proceeds."

—*The Pretoria News*, January 30, 1976

Act quickly to save Magaliesberg

It was imperative that the Magaliesberg should be declared a conservation area before irreparable damage was done to the range, Mr Paul Fatti, a member of the Southern Transvaal section of the South African Mountain Club, said in Pretoria recently.

If the mountain range was given official status, plans could be implemented for the conservation of the area.

Mr Fatti said it was urgently necessary that the Magaliesberg should be proclaimed as a special area. He warned that considerable damage would be done unless the authorities came to a quick decision.

He said certain types of activities should be stopped. The area had a high visitor density and damage was already being done.

The silica mine at Kommandonek at Hartbeespoortdam was the worst example of the destruction of the beauty of the mountain.

Something is scandalously wrong with wildlife preservation in South Africa writes our Johannesburg correspondent. South Africa recently signed an international agreement in Washington to protect her share of species of wildlife which were listed as "endangered." Among these was the cheetah, an animal whose fate is largely in South Africa's hands because the only stable population left is in our region.

Instead: The Transvaal still insists there is no need to adjust its laws which allow farmers to shoot cheetah on the slightest pretext.

Farmers claim they are protecting their stock. If cheetahs kill stock farmers are not compensated. Another incentive for farmers to shoot cheetah is that skins fetch good prices.

Those eight Lowveld skins were worth at least R4 000.

—*The Pretoria News*, February 26, 1976

Planner, spare this heritage!

Once more, the planners are proposing to drive a major road through Irene village. Once more, homes, amenities, precious and irreplaceable assets may be squandered at the stroke of a draughtsman's pencil.

The latest proposal is part of the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging road grid plan. The same plan has already built the Eastern bypass just north of the village and is proposing another major highway immediately parallel to it. Now, a new macadam swathe is being planned to slice through the heart of the village.

Three major highways are thus planned straight through what has become renowned as one of the most historic and beautiful spots in the country.

The implementation of the plan would be nothing less than a disaster.

It would mean more than not just the rape of a beauty spot, for it would also:

- Raze R2-million worth of brand-new homes at the north end of the village;
- Raze historic farm buildings;
- Cut-off of a new section of the village at the south end;
- Raze a shopping centre;
- Ruin a golf course.
- Negate the local council's plan for turning the area with its winding, picturesque Hennops River into a "green lung" for recreation.

It is a terrible price to pay for progress (is it progress?) – a terrible price to pay in terms of hard cash and an even more terrible price in terms of destroying a heritage.

What conceivable justification could

there be for allowing the expenditure of millions upon millions of rands to turn a charming village into a disaster area? Must the tyranny of the bulldozer prevail? It cannot be beyond the limit of human ingenuity to find another way.



The Pretoria News, February 3, 1976

Pretoria Gesloop Charlie Malan-tehuis

Nadat daar deur private inisiatief reeds voor 1889 'n plan vir 'n Volkshospitaal in Pretoria ontwerp en tenders reeds gevra was, maar die oprigting van die gebou weens die hoë tenderbedrag nie plaasgevind het nie, is 'n nuwe plan in 1889 deur die „Gouvernements Ingenieur en Architect" ontwerp en die hospitaalgebou in 1890 voltooi. Die gebou het bestaan uit 'n kombinasie van die korridor- en pawiljoensistiem en kon sodoende, sonder enige skade of ontsetting aan die gebou, mettertyd groter gemaak word, al na gelang behoefte aan vergroting van die gebou sou ontstaan. Die voltooiing en ingebruikneming van die Volkshospitaal in Potgieterstraat,

Charlie Malan-tehuis


Foto's: Frik Dreyer



digby die Artillerieterrein, in Januarie 1891 het in 'n groot en dringende behoefte voorsien. Die plegtige inwyding onder leiding van vise-president N J Smit het destyds onder groot openbare belangstelling plaasgevind. Na die ingebruikneming van die Algemene of Volks-

hospitaal van Pretoria, tans die H F Verwoerdhospitaal, vroeg in die dertigerjare is die eertydse Volkshospitaal vir ander doeleindes gebruik, waarvan sy jarelange gebruik as die Charlie Malan-Spoorweghuis 'n plek in die Pretoriase samelewing verower het. WJP.

Tekening van Lydenburg in 1867 deur ds F Lion Cachet. In die middel is die Voortrekkerkerk met skansmuur. Regs is die Landdroeskantoor. Links is die pastorie.



Die restourasie van die Voortrekkerkerk te Lydenburg

Johan de Ridder
(Argitek)

Die geskiedkundige Voortrekkerkerk wat geleë is op erf nr 79 op die hoek van Kerk- en Kantoorstraat is gedurende 1851-1852 opgerig. Dit was twee jaar nadat die Verenigde Bond op 20 September 1849 te Krugerspost besluit het om die dorp Lydenburg te stig; “. . . in de overzyde van Sterkspruit”. Die dorp het sy ontstaan te danke gehad aan die hewige koorsepidemie van die somer van 1848/1849. 'n Epidemie wat feitlik geen huisgesin onaangetas gelaat het en groot sterftes tot gevolg gehad het. Dit het daartoe gelei dat die trekkers besluit het om Ohrigstad te verlaat en te verhuis na die hoër en gesonder gebied, waar Lydenburg tans geleë is. Die naam sou herinner aan die lydenstydperk te Ohrigstad.

Boufonds vir 'n kerkgebou

Op 1 Desember 1849 is daar reeds 'n kollektelys opgestel vir fondsinsameling vir 'n kerkgebou. Nege en vyftig persone het op die oproep gereageer en 525 riksdalders, 8 houtbalke en een dosyn veertig-voetplanke vir die nuwe gebou belowe.¹

Oprigtind:

Die bouwerk is uitgevoer deur A Livingstone en andere. In 1852 beskryf ds J H Neethling die gebou soos volg toe hy die dorp saam met ds A Murray besoek het: “Van eenigen afstand werd ons de nieuwe kerk aangewezen. De muren waren bijkans balkhoogte en thans voor deze gelegenheid met rieten gedekt. In de nabijheid staat de school die ons eenigen dagen tot woning zou dienen . . .”² Vie jaar later gedurende Junie 1856 besoek ds Neethling weer die gemeente en meld “De kerk is voltooid en de beste in het Overvaalsche”.³

Die mooi penskets wat in 1867 gemaak is (volgens wyle ds J D Cilliers, leraar van die gemeente vanaf 1861 tot 1868, is dit die werk van ds F Lion Cachet wat in 1867 konsulent van die gemeente was), toon die kerk in daardie jaar. Dit is geteken vanaf die plek waar die huidige

kerkgebou staan. Regs is die landdroeskantoor waarna Kantoorstraat blykbaar vernoem is, links die eertydse pastorie en heel links waarskynlik die skoolgeboutjie wat onlangs ook gerestoureer is en tot geskiedkundige gedenkwaardigheid verklaar is. Op hierdie interessante tekening kan die oorspronklike Kaaps-Hollandse gewels, die grasdak, uitsonderlike klip skansmuur, klok en klokstaander duidelik gesien word.

'n Ou landmeterskaart gedateer 4 Desember 1874, opgestel deur landmeter Wm A B Anderson⁴, toon die kerkgebou op erf nr 79 maar nie die skansmuur nie. Volgens hierdie plan staan die kerk baie na aan die Kerkstraat- en Kantoorstraatgrense soos tans die geval is. Dit is dus duidelik dat die muur, wat blykbaar vir verdedigingsdoeleindes gebou is, reeds voor 1874 afgebreek was.

Volgens ou kerkraadsnotules het die “Skoolkomitee” in 1879 besluit om die mooi gewels af te breek en die grasdak met 'n sinkdak te vervang.⁵ Alhoewel daar geen melding van gemaak word nie is dit my vermoede dat die reghoekige vensters en deure, soos duidelik getoon word op die pentekening wat op 30 September 1876 in *The Graphic* verskyn het, ook tydens hierdie veranderings vervang is met die “Gotiese” vensters en deure soos dit nog was in 1973 net voordat daar met restourasie begin is. Die vervanging van die gewels en gras-


dak met die onooglike sinkdak sou dit nodig gemaak het om die vensters te wysig om nog enigsins aan die gebou 'n kerklike voorkoms te gee het.

Die kerkie het nog diens gedoen tot die inwyding van die nuwe kerkgebou langs aan op 14 April 1894 – “om 10 uur die oggend is eers van die ou kerkgebou afskeid geneem en daarvandaan het die prosesie ,bij vijven' na die nuwe kerk vlak by gegaan”.⁶


“Nadat die nuwe kerk in gebruik geneem is, is besluit om die ou kerkgebou aan die skoolkommissie oor te gee vir gebruik as skool in verband met die Ned Herv of Geref Kerk. Die ou preekstoel, banke en Nagmaalservies wat daarin gebruik is, is aan Belfast geskenk wat in 1899 gedeeltelik van die gemeente Lydenburg afgestig is”.⁷

In die tydperk van 1899 tot 1965 toe wyle ds Cilliers die eerste stappe gedoen het om die gebou gerestoureer te kry, het die kerkie blykbaar ook nog diens gedoen as 'n saal en kantore. In die tydperk ± 1912-1916 is twee vertrekke agter aan die kerkie deur 'n mnr Floors Visser gebou. Die groter kamer was 'n kleedkamer en die kleinere 'n kamer vir gaslinders. Aangrensend aan die kleedkamer is 'n verhoog in die kerk ingebou.


Tekening van Lydenburg gepubliseer in *The Graphic*, 30 September 1876. Links is die Voortrekkerkerk. Tweede van regs is die skooltjie.



Restourasieplan



Kerkgebou voor restourasie, gesien, vanaf die noordwestkant



Kerkgebou na restourasie, gesien vanaf die noordekant



Die werk van wyle ds J D Cilliers

Wyle ds Cilliers het gedurende sy ampstermyn as predikant van die gemeente hom baie beywer vir die behoud en restourasie van die skooltjie en die kerk. Hy het daarin geslaag om die skooltjie te laat restoureer en was besig om die aanvoorwerk te doen vir die restourasie van die kerk toe hy oorlede is. Gedurende 1965 is daar reeds vir hom tekenings opgestel vir die restourasie van die gewels.

Proklamasie

Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het op sy vergadering in April 1973 besluit om aan te beveel om die kerk tot Nasionale Gedenkwaardigheid te laat verklaar en daar is besluit om 'n bedrag van R10 000,00 te bewillig vir die restourasie daarvan.

Die gebou voor restourasie

Die gebou soos dit in 1973 voor restourasie daar uitgesien het, het bestaan uit drie vertrekke, tw die kerk self, die gewese kleedkamer en kamer vir gassinders. Die kerk was 18,200 m lank \times 7,890 m breed \times 4,760 m hoog met 665 mm dik mure. Die kleedkamer was 5,260 m \times 6,120 m \times 3,170 hoog en die gaskamer 2,314 m \times 2,392 m groot.

Die kerk het vier Gotiesvormige houtvensters gehad en twee dubbele deure met Gotiesvormige boligte.


Groot dele van die houtwerk was in 'n erg verweerde toestand terwyl dit duidelik was dat sekere dele uit die twintigerjare van hierdie eeu gedateer het.

Die mure was gebou uit leiklip wat gebed was in modder tot 'n hoogte van


1,800 mm en bokant uit roustene. Die vloer was van 150 mm wye dennehoutplanke op balke van 115 mm \times 76 mm gespasieer op 570 mm hartafstande.

Die plafon was opgebou uit 16 geelhoutbalke van 125 mm \times 220 mm wat oordek was met 150 mm wye plafonplanke. Beide planke en balke was geverf. Oor die kerk was 'n sinkstaandak sonder geute terwyl die kamers agter oordek was met 'n skuins sinkdak. Die mure aan die buitekant was met 'n grintspatpleister afgewerk en gekalk terwyl dit aan die binnekant gewoon glad gepleister was. Aan die kleedkamerkant van die kerk was 'n opgeboude houtverhoog met twee stelle trappies.

Binneruim van kerkgebou voor restourasie




Kerkgebou voor restourasie, gesien van die hoek van Kantoor- en Kerkstraat. In die agtergrond kan die toring van die nuwe kerkgebou gesien word




Kerkgebou na restourasie, gesien van die hoek van Kantoor- en Kerkstraat





'n Venster voor restourasie: Die fondamentmuur van leiklip is duidelik sigbaar



'n Venster na restourasie, met die luike toe

Ondersoek en besluite oor restourasie

a) Tekenings

Twee tekenings was vir ons die belangrikste leidrade van hoe die gebou oorspronklik gelyk het.

- (i) Die skets wat in 1867 deur ds Lion Cachet gedoen is.
- (ii) 'n Baie mooi pentekening van Lydenburg wat op 30 September 1876 in *The Graphic* verskyn het en waarop die kerk en skool in duidelike besonderhede geteken is.

b) Gesprekke met ou inwoners

Ten einde meer te wete te kom het ek baie interessante gesprekke gevoer met twee van die oudste persone wat kennis gedra het van die gebou, nl wyle mnr S P Malan wat 65 jaar lank op die plaas Boschfontein by Afgrond woonagtig was, en wat kort na ons gesprek in 1973 op 95-jarige ouderdom oorlede is en met mnr Henning Jacobus Beetge wat op 21 Julie 1894 in die Lydenburg-distrik gebore is en tot 1927 op die dorp gewoon het. Mnr Beetge was in daardie jare 'n boukontraakteur en het self ook verbeterings aan die kerk aangebring. Hy is ook sedert ons gesprek oorlede.

(i) Getuïenis van wyle mnr S P Malan

Uit die gesprek met wyle oom Fanie Malan, wie se verstand toe nog verbasend helder was, het die volgende aan die lig gekom:

- a) Dat die oorspronklike grasdak van die gebou vervang is met die huidige sinkdak net voor die Tweede Vryheidsoorlog.
- b) Dat die kerkgebou 'n grondvloer gehad het wat elke week met mis gesmeer was.
- c) Dat die kerkgebou 'n rietplafon gehad het.
- d) Dat die binnemure gekalk was, maar dat die buitemure nie gepleister of gekalk was nie.
- e) Dat daar geen tapyte in die kerk was nie.
- f) Dat die huidige Gotiese boogvensters altyd so was.

- g) Nadat ek aan mnr Malan die tekening waarop die omringende skansmuur duidelik sigbaar is, gewys het en hom uitdruklik daarna gevra het, was dit duidelik dat hy nie so 'n muur gesien het nie en dat dit voor sy tyd gesloop moes gewees het.
- h) Oor die posisie van die kansel was mnr Malan glad nie seker nie.

(ii) Getuïenis van mnr Beetge

Uit die twee gesprekke met mnr Beetge het ek die volgende vasgestel: Dit moet in ag geneem word dat mnr Beetge nog heeltemal helder van verstand en geheue was en dat hy vanweë die feit dat hy 'n bouer was, 'n baie goeie begrip gehad het van wat ek hom gevra het.

a) Mnr Beetge het persoonlik gedurende die vroeë twintigerjare aan die gebou gewerk en onder andere die volgende gedoen:

- 1 Die buitemure gepleister, met grintspat afgewerk en gekalk.
- 2 Die onderste dele van alle houtvensters wat toe reeds verrot was, vervang met nuwe oopmaakdele. Mnr Beetge het my meegedeel dat die onderste dele van die vensters oorspronklik vaste panele was en dat net die boligte aan die onderkant geskarnier was en na binne oopgemaak het.

b) Na die oprigting van die nuwe kerkgebou in 1894 is die ou kerk as 'n saal gebruik. Vir dié doel is 'n verhoog aan die een kant ingebou en 'n kleedkamer daarlangs. Die klein vertrek langs die kleedkamer was gebruik vir die gassilinders, toe gas na die kerk aangelê is, ongeveer 1913. Een van die oorspronklike gaslampe wat in die nuwe kerkgebou gebruik was, is tans nog in die opstal van die plaas Beetgeskraal by Lydenburg. Volgens mnr Beetge was olie-muurlampe in die ou kerkgebou gebruik.

c) Oor die uitleg van die banke en die plasing van die preekstoel was mnr Beetge dit met my eens dat dit waarskynlik was soos aangetoon op ons tekenings.

Hy herinner hom dat sy vader hom vertel het dat die banke en preekstoel omstreeks 1899 aan die NG Gemeente te Belfast geskenk was. Hierdie feit word bevestig in die boeke *Ontstaan en Vooruitgang van die Ned Herv of Geref Gemeente Lydenburg 1850-1950* deur F G M du Toit, bladsy 45.

Na aanleiding van hierdie mededeling het ek op Belfast gaan ondersoek instel en 'n ou kansel en banke in die feeshuis naby die dorp opgespoor. Hierdie items dateer beslis uit die tydperk voor 1900, maar is deur die Geref Kerk aan die feeskomitee geskenk. Dit is nie onmoontlik dat dit wel oorspronklik uit Lydenburg kom nie, maar ek kon geen bewyse daarvoor vind nie.

In die museum op Lydenburg is egter 'n klein kansel wat uit die ou NG Kerk op Lydenburg afkomstig sou wees. Hierdie kansel is egter so klein en laag dat ek persoonlik wonder of dit wel die geval kan wees.

Die preekstoel en banke in die feeshuis te Belfast, of replikas daarvan, sou na my mening baie geskik wees vir die gerestoreerde kerkgebou.

d) Mnr Beetge het my meegedeel dat die klip van die oorspronklike skansmuur, volgens sy kennis gebruik was in die fundamente van die nuwe kerkgebou en die grensmuur van die ou pastorie. Die skansmuur was egter gesloop voordat hy sy verstand gehad het.

In 'n poging om oorblyfsels van die muur te vind het ek slote op die terrein laat grawe, maar dit het niks opgelewer nie.

c) Ondersoek ter plaatsse

Benewens die slote wat ons laat grawe het om die posisie van die skansmuur vas te stel, het ons die pleister aan die binnekant en buitekant van die kerk, asook die plankvloer laat verwyder. Alhoewel dit nie moontlik was om met sekerheid te kon bepaal dat die Gotiese vensters 'n latere byvoeging was nie, het ons wel by die sydeure die posisie en oorblyfsels van 'n oorspronklike houtlateibalk gevind, wat besliste bewys is dat daar oorspronklik 'n reghoekige deur was. Onder die houtplankvloerkonstruksie was daar ook duidelike aanduidings van 'n oorspronklike grondvloer.

d) Besluite

Uit die voorafgaande ondersoek het ons tot die volgende besluite gekom:

- (i) Dat die kleedkamer en pakkamer weer gesloop moet word.
- (ii) Dat die bestaande vensters en deure latere byvoegings was en verwyder en vervang moes word met nuwe vensters en deure in ooreenstemming met die tekening van 1876.
- (iii) Dat die gewels weer opgebou moet word volgens 'n ontwerp om ooreen te stem met die tekening van 1876.
- (iv) Dat die sinkdak wat in 1879 opgesit is weer verwyder moet word en vervang word met 'n grasdak.

- (v) Dat die plankvloer vervang moet word met 'n grondvloer.
- (vi) Dat die deur tussen die kerk en die kleedkamer vervang moes word met dieselfde dubbele deur soos in die teenoorgestelde gewelmuur.
- (vii) Dat die verf van die swaar plafonbalke verwyder moet word en 'n nuwe rietplafon daarvoor aangebring moet word.

Uitvoering van die restourasiewerk

Die restourasie is uitgevoer in opdrag van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Die bouwerk is op bekwaame wyse deur 'n plaaslike bouer, mnr C T Roeloffze gedoen, terwyl die huidige predikant van die gemeente, ds W J D van Wyk met groot geesdrif en belangstelling hom baie aktief bygestaan het. Vir die houtwerk, die deure, vensters en luuke wat uit inheemse houtsoorte vervaardig is, was mnr W C Steyn van Pretoria verantwoordelik.

Tans is die kerk, uitgesonderd die kansel en banke, herstel tot sy oorspronklike voorkoms en kan 'n mens goed begryp dat ds Neethling in daardie verre verlede van 1856 met trots kon sê: "De kerk is voltooid en de beste in het Overvaalsche".

Nogmaals het die restourasie van 'n onaanstienlike en grotendeels vergete en verwaarloosde geboutjie 'n aanskouingsles vir 'n gemeenskap geword. Die inwoners van die geskiedkundige dorp se belangstelling is gaande gemaak en ons is oortuig dat dit baie met nuwe oë na die verlede laat kyk het.

Bibliografie

- ¹Ontstaan en Vooruitgang van die Ned. Herv of Geref Gemeente Lydenburg, 1850-1950. Deur F G M du Toit. Bladsy 8.
- ²aw. Bladsy 10.
- ³aw. Bladsy 21.
- ⁴aw. Bladsy 12.
- ⁵Ds J D Cilliers.
- ⁶Ontstaan en Vooruitgang van die Ned Herv of Geref Gemeente Lydenburg, 1850-1950. Bladsy 45.
- ⁷aw.

Rustenburg neem ou kerk weer in gebruik

Die NG gemeente Rustenburg het verlede jaar hul kerkgebou wat teen 'n koste van R150 000 gerestoureer is, in gebruik geneem.

Kommandant-generaal Piet Joubert het die hoeksteen van die gebou in 1898 gelê en in die Tweede Vryheidsoorlog is die kerkgebou as 'n militêre hospitaal gebruik.

—Die Vaderland, 21 Julie 1975

Kerkplein

Kerkplein en die ekonomie

Bewaring is vir mense. Geboue word nie om eie onthalwe bewaar nie, maar vir mense. Geboue vorm deel van 'n leefmilieu. Dit is 'n menslike toestand. Bewaring het dus uiteraard verskeie kante – historiese, argitektoniese, estetiese, psigologiese, sosiologiese en ekonomiese. In dié geval Wesfasade Kerkplein kom al die fasette na vore.

Tans beleef ons 'n periode van ekonomies-finansiële problematiek. Van die Staat en van die burger word verwag om te bespaar, om nie met geld kwistig te werk te gaan nie. Dus om ook nie met geboue kwistig te werk te gaan nie.

Die geboue van die Wesfasade van Kerkplein sluit in: die ou Raadsaal, die Capital-teater, die ou Nederlandse Bank, die Law Chambers, die Cafe Riche of Reserve Investment-gebou, die Poskantoor, die ou Nasionale bank, die ou ZAR Staatsmunt (eerste in Suidelike Halfrond), die Bank of Africa of Kirkness-gebou of ook bekend as die ou Ou Mutual-gebou en die Paleis van Justisie. Met uitsondering van die Raadsaal en Paleis van Justisie is al die geboue op die slopingsprogram van die TPA en die Poskantoor.

Dit is bekend dat die planne alles behalwe populêre aanvaarding geniet. In die ekonomiese tekens van die huidige tyd dien daarop gelet te word dat die kommersiële waarde van die bedoelde geboue aan die Wesfasade etlike miljoene bedra.

Om die geboue te sloop sal ongeveer R $\frac{1}{2}$ miljoen kos. Gesien uit die restaurateur se standpunt is al die geboue in uitstekende toestand vir aangepaste restourasie. Sodanig so dat eerder van reparasie as restourasie gepraat kan word. Dink maar net aan Tulbagh, wat daar nie vermag is met geboue wat feitlik ruïnes was nie. In Europa is hergebruik van geboue al lank 'n onbetwiste praktyk.

Aangepaste restourasie beteken herstel van historiese voorkoms met interieurs aangepas vir moderne gebruik. In die geval van die Wesfasade kan dit vir slegs R $\frac{1}{2}$ miljoen gedoen word.

Om dieselfde vloerruimte met nuwe bou te skep sal ongeveer R5 miljoen kos, plus natuurlik die slopingskoste van R $\frac{1}{2}$ miljoen. Om die geboue te sloop en elders te gaan heroprig sal minstens R5 miljoen kos.

Die beoogde nuwe skema van moderne hoogbou aan die Wesfasade se koste is nie bekend nie, maar daar kan met veiligheid in terme van R100 miljoen plus gedink word. En soos wat telkemale die geval was, sal die koste bykans ver-

dubbel teen die tyd dat die projek afgehandel is.

In die afgelope 25 jaar is daar in Suid-Afrika duisende bruikbare geboue gesloop. Die Stigting Simon van der Stel raam die koste hiervan op ongeveer R2 $\frac{1}{2}$ miljard. Daardie bedrag sluit nie in nie die waarde van die kosbare of materiale en bou-onderdele wat so verlore gegaan het.

Kan die belastingbetalers en burgers dié koste, kultureel en ekonomies, bekostig?

Monumental absurdity

Church Square's western facade still stands, and as long as it stands there is hope of saving it. The public, it seems, just will not take "no" for an answer. The issue was revived again this week both in our own survey and on television. What the public does want removed is the outdated National Monuments Act of 1969, which vests too much power in the hands of one man – the Minister of National Education – giving him the final say in preservation policies. And the official attitude to Church Square clearly shows that property of cultural-historical value is not necessarily safe in State hands, the hands that control the fate of the Union Buildings, Libertas, Groote Schuur, the Houses of Parliament, Defence Headquarters and Over-Vaal.

It is the Act itself which should be torn down and rebuilt. It does not need additions, extensions or embellishments. A new structure is needed much more sorely than replacements for the western facade.

At a time when most countries with a history are telling the world of yet more measures being taken to preserve national monuments and to conserve wild flora and fauna, how incongruous that South Africans should find that some of the little cultural heritage they still possess may be jettisoned. Those who battled through the years to save Church Square from the bulldozers must work to remove the possibility of such threats in the future.

There is encouragement in the fact that representatives of cultural bodies and other organisations have spoken out in support of calls for reforms. The existing right of one man to overrule the recommendations of experts and repeal notices proclaiming properties national monuments is clearly ridiculous. This power should, in the final count, rest in the

hands of the people and their representatives, because it is the people's own cultural heritage which is at stake.

But the people must do their bit. High on the list of priorities should be an education campaign to ensure public support for preservation programmes. If all are strongly enough of one mind, public pressure must prevail. No longer can the powers that be rely on any general apathy to smooth a dubious path which, in the case of Church Square at least, leads downhill all the way.

The Pretoria News, April 24, 1976

A city's soul

Saving the historic western facade of Church Square is not just a case of saving some old buildings. It is a question of saving a city's soul, a nation's heritage.

It is still not too late to reverse the seemingly-irreversible. The Old Pretoria Society's decision to re-activate the preservation campaign must now be taken up vigorously by the citizens of Pretoria – indeed, by all South Africans.

It is necessary to persuade the new Minister of Education Dr Koornhof, to consider again the wisdom of building – at vast cost – another set of huge office blocks to loom like a monster dead hand over the city centre at a time when existing office-space is available elsewhere in the city. It is time also to consider again the proposal to dismantle the facade and re-erect it in another place – for it would be a costly enterprise that is irrelevant to the need for revitalising a city centre that has become sordid and soulless.

The Pretoria News, April 26, 1976

Save Square drive gains new ground

The new campaign to save Church Square is already gaining momentum, with the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square joining in the battle.

The committee last night unanimously decided to support the Old Pretoria Society in its new drive to save the Square's western facade, according to a spokesman for the committee, Mr Piet Muller.

This is a reversal of the committee's previous stand in favour of the scientific demolition of the historic buildings, and re-erection elsewhere.

The Old Pretoria Society is to approach Pretoria's mayor, Mr H.P. Botha, in a move expected to result in a mass public meeting in the City Hall. Their action is based on a provision in the Local Government Ordinance.

Last year the Citizens' Committee's energetic efforts to preserve the western facade culminated in the July "Save-the-Square" rally on Church Square. At the rally approximately 7 000 people signed a petition supporting the committee's preservation stand.

Following the Prime Minister's announcement that the buildings would be demolished anyway, the committee decided to support their re-erection on another site. However, at a well-attended meeting this decision was reversed, and enthusiastic support for the new campaign was expressed.

Meanwhile, a Munitoria spokesman said the council had decided in 1971 to regard petitions of this nature as valid if they contained the signatures of at least 100 registered municipal voters. The mayor could then consult with other people or bodies if he preferred to do so, before announcing a decision.

The Pretoria News, April 27, 1976

Mayor backs move to save Church Square

The Mayor, Mr H.P. Botha personally supported the preservation of Church Square's historical buildings.

Ex-mayor, Mr Klasie Coetsee said he would also support moves in the council aimed at retaining the western facade.

Mr Botha said he wanted the old buildings preserved and was not convinced by the motivation of people who wanted them broken down.

He was commenting on the Old Pretoria Society's renewed campaign to save the square, with the backing of the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square. The society is to petition Mr Botha to call a meeting to discuss the matter.

Mr Botha said he would make a decision on such a meeting after receiving the petition. He would probably consult his management committee, and, if necessary, the full council.

Counciller Harold Heron gave the society the assurance at its weekend meeting that there was strong support in the council to save the square.

But not everybody supports the move. Prominent members such as ex-mayor C.A. Young and deputy chairman of the management committee, Mr Joos Becker, oppose it.

The Pretoria News, April 28, 1976

Burgerkomitee stel standpunt

Die Burgerkomitee vir die Restourasie en Bewaring van Kerkplein het op sy jongste vergadering sy standpunt ten opsigte van die komende munisipale verkiesing oorweeg.

Die vergadering het eenparig besluit dat:

- Die Burgerkomitee hom teen party-politieke bemoeienis met munisipale verkiesings uitspreek.
- Die Burgerkomitee beskou bewaring en omgewingsversorging as 'n sentrale strydvraag vir die komende verkiesing waartydens die bewaring van die Wesfasade van Kerkplein pertinent na vore kan kom. Kerkplein raak in die eerste instansie die inwoners van Pretoria en daarom moet dit 'n burgerlike aksie bly waaraan almal sonder vrees van viktimisasie kan deelneem.
- Die Burgerkomitee versoek alle liggame wat voornemens is om aan die munisipale verkiesing deel te neem, om toe te sien dat die kandidate wat hulle stel hul sal verbind om in die stadsraad vir die behoud van Pretoria se historiese erfenis te veg. Die Burgerkomitee het met waardering kennis geneem dat in Wyk 19 die Belastingbetalersvereniging van sy kandidaat so 'n onderneming verlang het.
- Die Burgerkomitee steun by voorbaat die kandidatuur van daardie Stadsraadslede wat in die afgelope stadsraadstermyn hulle enduit vir bewaring, veral van Kerkplein, beywer het.
- Die Burgerkomitee versoek voorts daardie instansies wat aan die verkiesingstryd gaan deel neem, om toe te sien dat kiesers in die wyke waarin hulle optree, behoorlik ingelig word om die geskiedenis van die Wesfasade van Kerkplein en die slopingbesluit.

Van Niekerk raps Kerkpleinredders

Kleinlike kritici kamoefleer hul onkunde oor die geskiedenis van Kerkplein se herbeplanning deur die Provinsiale Administrasie – wat daaroor geen sê het nie – pleks van die Regering, by wie die beslissing berus, aan te val.

So het die Administrateur, mnr Sybrand van Niekerk in sy afsluitingstoetspraak by die verdagting van die Provinsiale Raad gesê.

Hy, die Uitvoerende Komitee en die Administrasie word verkwalik omdat hulle die beplande sloping van geboue aan die Plein se westekant aktief sou steun en goedgepraat. Die kritiek kom

egter van onkundige en oningeligte mense, en hy sal verheug wees indien hulle nou, na herhaaldelike uitvoerige verduidelikings, hul agitatie vir die behoud van die Wesfasade wil staak.

Volk

Dis vir hom onbegryplik dat daar mense is wat beweer besluite oor die Plein se toekoms is op outokratiese wyse geneem. „Die volk, die breë massa, is nie ten gunste van die behoud van die geboue nie hoewel 'n sekere klein groepie mense dit só wil hê,” het mnr Van Niekerk gesê. „Hulle doen dit omdat hulle in hul siel oortuig is dat die Plein onheilig sal word.”

Geboue

Dié mense versprei selfs gerugte dat die ou Raadsaal en die Paleis van Justisie ook in die slag sal bly. Die Administrasie het juis die hele blok wat deur Kerk-, Bosman-, Pretorius- en Parlementstraat begrens word, in 1949 gekoop, sodat hy sy nuwe hoofkantoor daar kon oprig en sodat die geskiedkundige Raadsaal behou kon word.

Destyds is ook aangekondig dat al die bestaande geboue in die blok gesloop sou word. Van die geboue langs Kerk-, Bosman- en Pretoriusstraat wat, toe in derdaad gesloop is, was in 'n baie beter toestand as die drie wat tans nog staan, maar niemand het daárteen beswaar aangeteken nie.

Gemoeid

Ook het niemand tot dusver by die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede vir die behoud van die Wesfasade gepleit nie, het hy gesê.

In elk geval is die Administrasie nie gemoeid met die geboue noord van Kerkstraat nie, aangesien dit Staatseiendom is waarvoor hy geen seggenskap het nie.

Die Administrasie het by die Regering aansoek gedoen om 'n toringblok langs die TPA-hoofkwartier op te rig, en 'n model daarvan word tans deur die Administrasie se argitekte gebou vir voorlegging aan die Regering.

Poskantoor

Die Poskantoor benodig die blok benoemde Kerkstraat vir nuwe geboue, wat beteken dat die Raadsaal en die Paleis van Justisie ál geskiedkundige geboue is wat uiteindelik behoue sal bly.

Mnr Van Niekerk het dit beklemtoon dat die nuwe geboue in die plek van die bestaandes só ontwerp sal word dat hulle met die kultuur-historiese en argitektoniese aspekte van die plein sal harmonieer.

„Dis kwaadwillig om te sê die Uitvoerende Komitee is nie bewaringsbewus nie,” het hy vervolgd.

Kerkplein

Die Uitvoerende Komitee se aandeel aan

die bewaring van Pelgrimsrus, Boekenhoutfontein en talle ander plekke, selfs buite Transvaal soos die Tulbagh-restourasie-projek, spreek van die teendeed.

Wat die herbeplanning van Kerkplein betref, het hy gesê: „Daar is geen nuwe argumente nie.”

Hoofstad, 11 Junie 1976

Kerkplein: planne vanjaar voltooi

Argitekte is al besig met die ontwerp van die Provinsiale gebou wat aan die westekant van Kerkplein gaan verrys op die plek waar 'n paar ou geboue nou staan.

Dit is deur die administrateur mnr Sybrand van Niekerk, in 'n onderhoud met *Die Transvaler* bekend gemaak.

Hy sê dit is moontlik dat die ontwerp voor die einde van, die jaar gereed sal wees om aan die Kerkpleinkomitee voorgelê te word. Daar moet besluit word of in die ontwerp uitvoering gegee word aan die beplanning wat die komitee en die Regering vir nuwe geboue om Kerkplein in gedagte het.

Die ontwerp sal die voorkoms, die hoogte, die kantoorruimte, wat voorsien en die persentasie van die beskikbare terrein wat deur die gebou in beslag geneem word, aantoon.

Geen voorsiening vir uitgawes in verband met die nuwe gebou word in vanjaar se begroting gemaak nie.

Die Transvaler, 11 Junie 1976

Argitekte op agterpote oor Plein

Die versugting van die Administrateur van Transvaal, mnr Sybrand van Niekerk, dat die Kerkpleinkwessie nou met rus gelaat word, was vergeefs. Die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte het hom gister kwaai aangeval oor die beoogde slooping van sewe geskiedkundige geboue op Kerkplein.

Die Instituut het gereageer op mnr Van Niekerk se toespraak oor hierdie saak in die Transvaalse Provinsiale Raad. Hy het ook 'n brief van 'n argitek voorgelees wat gesê het dat hy skaam voel om te dink dat Kerkplein as Pretoria se historiese erfenis voorgelê word.

„Hierdie brief verteenwoordig nie in die geringste mate die gevoel van argitekte dwarsdeur die land nie,” het die voorsit-

ter van die instituut, mnr M.D. Lennard, gister gesê. „Inteendeel, die instituut het hom by verskeie geleenthede ten sterkste vir die behoud van die geboue uitgespreek.”

Behalwe vir die geskiedkundige waarde, wat vanaf 1854 strek, verteenwoordig Kerkplein ook die werk van die voorste argitekte gedurende die Transvaalse Republiek, naamlik Wierda, De Zwaan en Soff, tesame met die beeldhouer Van Wouw, sê mnr Lennard.

„Dit bied argitektoniese voorbeelde van style wat reeds skaars geword het in die wêreld, des te meer in Afrika. Die geboue vorm saam met die Raadsaal en Paleis van Justisie 'n eenheid wat nie versteur mag word nie, en bied 'n menslike skaal aan Kerkplein.

„Ek voel oortuig dat daar nêrens in Afrika en nog minder in Suid-Afrika 'n soortgelyke eenheid van sewe individuele geskiedkundige en estetiese geboue in 'n ry langs mekaar bestaan nie.”

Die instituut wys ook in 'n verklaring op die 29 429 handtekeninge wat verlede jaar tydens 'n saamtrek op Kerkplein ingesamel is. „'n Stemmatal soos hierdie, verteenwoordigend van alle bevolkingsgroepe, kan eenvoudig nie geïgnoreer word nie. Dit sal waarskynlik, met die groter bewuswording, veel meer wees.”

„Ek is oortuig dat, as hierdie geboue op Kerkplein gesloop word, dit die bewaringsgedagte in Suid-Afrika 'n geweldige knou sal gee en ek is bevrees dat die owerhede in beheer altyd daarvoor verantwoordelik gehou sal word,” het mnr Lennard gesê.

Die Beeld, 12 Junie 1976

Kerke tree saam op om Plein te red

Kerke in Pretoria gaan onder een vaandel toetree tot die stryd om die Wes-fasade van Kerkplein van slooping te red.

'n Reuseveldtog waaraan alle kerkverbande in die stad en moontlik ook oor die hele Transvaal deel sal hê, word nou beplan.

'n Vergadering waarna verteenwoordigers van alle Afrikaanse en Engelse kerke, ongeag die verband uitgenooi sal word, is vir 1 Julie in die stad gereël. Met die vergadering sal die veldtog sy finale beslag kry. Dit sal die grootste gesamentlike poging deur alle kerke in Suid-Afrika tot nog toe wees om 'n kultuur-historiese erfenis van ondergang te red.

Verteenwoordigers van die drie susterskerke en ander kerke het in Pretoria samesprekings gevoer en riglyne vir die gesamentlike poging is voorlopig neergelê.

Tot dusver het talle organisasies, kultuurgebonde of andersins, hulle stem teen die sloping van die Wes-fasade laat hoor, maar die kerke het nog altyd op die agtergrond gebly.

Ds J J de Jager van die Gereformeerde gemeente Pretoria-Oos is voorlopig as inligtingsbeampte aangestel om tot 1 Julie met die pers in verband met die veldtog te skakel. Daarna sal 'n aksie-komitee moontlik benoem word.

Ds De Jager het aan *Hoofstad* gesê die inwoners van Pretoria is nog nie die geleentheid gestel om hul werklike gevoel oor die sloping uit te spreek nie. Die kerk gaan die taak nou op hóm neem en die poging word aangepak deur elke kerk – afgesien van sy taal of verband. Elke kerkraad in Pretoria sal gevra word om sy mening in dié verband te lig, maar die veldtog sal ordelik verloop.

„Lidmate van alle kerke in Pretoria is Pretorianers, daarom is die veldtog almal s'n. Elke kerk sal in die besonder in die saak geken word,” het ds De Jager gesê. Gisteraand se vergadering is deur bekende kerkleiers, Afrikaans- en Engels-sprekend bygewoon, maar omdat die vergadering nie alomverteenwoordigend was nie, is op 1 Julie besluit sodat elke kerkverband in die stad 'n verteenwoordiger na die vergadering kan stuur.

Na verneem word, word navrae van kerke buite Pretoria en van verafgeleë plekke reeds ontvang, en die aanduiding is daar dat hierdie poging groot steun gaan kry.

Hoofstad, 25 Junie 1976

New Square Post Office an asset expert

Pretoria's Town Planner, Mr B W B Ball, says the new post office on Church Square will be an "architectural asset" to the city.

At a city council meeting an application for the building of the new post office on the western side of the Square will be considered.

The council's management committee has already approved the application but has proposed a few minor alterations to the plans.

In his report to the management committee, Mr Ball compliments the architects on the design of the building. He says the design was of outstanding quality and it would be an architectural asset to any city.

Debate

The application, however, is expected to

spark off a debate at the council meeting which starts at 3.30 pm at Munitoria and which is open to the public.

Meanwhile, the mayor of Pretoria, Mr Hendrik Botha, has still to decide on the date for a public meeting which the Society for Old Pretoria has asked him to convene.

The society has submitted a petition calling for a meeting to hear the public's views on the demolition of the western facade of the Square.

Mr Botha said he was still considering the petition and expects to reach a decision after the council meeting when the application for the new post office is considered.

The Pretoria News, July 29, 1976

Standbeeld vir die slopers

Ek koop 'n steentjie seep by 'n supermark. Op die boonste rak kos dit 35c en op die onderste rak kos dieselfde seep 30c. Ek bel die Pryscontroleur se kantoor. Hy lag en sê, ek behoort dankbaar en bly te wees dat ek nog iets goedkoop kan koop.

Op Kerkplein in Pretoria gaan daar geboue gesloop word wat histories gesproke onbetaalbaar en onvervangbaar is – prakties gesproke miljoene rande werd is. In die plek daarvan gaan moderne geboue teen nog meer miljoene rande opgerig word en om party hartseer mense te troos, word dit oorweeg om die gesloopte geboue teen verdere miljoene rande op 'n ander plek op te rig.

Intussen word daar teen 'n koste van duisende rande – ewe vrolik – advertensies oor die radio gesing waarin hulle my – arme individu – aanmoedig om my sente te spaar en sodoende vir volk en vaderland inflasie te help bestry. Van owerheidsweë word ek – die „arme” man gemaan om my rieme dun te sny en nie aan te dring op verhogings nie.

Graag sou ek wil weet hoe op aarde my vriende en ek die inflasiereus gaan beveg as 'n koekie seep van een rak tot die volgende 5c in prys kan styg en dit goedgekeur word dat miljoene der miljoene rande bestee word om geboue af te breek en ander op te rig?

Wie is gek? Die res – of ek?

Ons oorweeg dit om 'n fonds te stig waarmee ons Paul Kruger se standbeeld na Kaapstad kan vervoer en in die Parlementstuin staanmaak. 'n Standbeeld vir die Slopers kan dan op die gewese Kerkplein opgerig word.

Brief in *Rapport*, 11 Julie 1976

Praat oor Kerkplein gevaarlik

JEANNE GOOSEN

Ek kry die indruk dat dit gevaarlik begin word het om oor Kerkplein te praat. Ek kry ook die ongemaklike gevoel dat daar iewers op die agtergrond iemand is wat sê: „As jy weet wat goed is vir jou, bly stil. Dis 'n bevel!”

Skielik is al die mense wat voorheen uitgesproke menings oor Kerkplein had, stil en word hulle ongemaklik as jy die kwessie aanroer. En as daar nog oor Kerkplein gepraat word, is dit in die geheim en op 'n fluistertoon.

Waarom?

Wat sit regtig agter Kerkplein?

Waarom is 'n televisiespan wat 'n program oor Kerkplein wou aanbied, se planne nek-omgedraai nadat hulle vier dae lank al met die verfilming besig was? Sou só 'n program nie juis die slopers die geleentheid gebied het om hulle saak gemotiveer uiteen te sit nie? Is daar nie al gedurig in die pers en veral in hierdie rubriek gevra dat redes vir die voortsetting van die sloplingsplanne gegee hoort te word nie? Is die owerhede nie ten minste só 'n uiteensetting van redes aan 'n ontevrede bevolking verskuldig nie? Sou 'n televisieprogram oor Kerkplein nie miskien net die ding wees om die hele Kerkpleinkwessie oop te gooi nie? Of is daar miskien te veel wat aan die lig kan kom wat vir sommiges dalk in 'n ongemaklike situasie kan plaas? En watter soort televisie het ons dan in hierdie land as dit nie hierdie soort kwessie, soos die Kerkplein-aangeleentheid, mag oopgooi nie? Het televisie dan 'n funksie as hy nie omstrede sake mag aanpak nie?

Wat het van die interkerklike aksie teen die sloping van Kerkplein geword? Straat-af verneem ek dat die Kerk vermaan is om hom uit die Kerkpleinkwessie te laat. Waarom? As ek dit reg het, wil die Kerk nie juis vir die behoud van Kerkplein baklei nie, maar hy maak beswaar teen die manier waarop die owerhede die hele Kerkpleinkwessie gehanteer het.

Ek het Straat-af ook verneem dat dit nie net Afrikaanse kerke is wat beswaar aanteken nie, maar ook gemeentes van Engelse kerke – onder andere Presbeteriaanse en Methodiste gemeentes.

Betoog

En dan die studente-aksie teen die voorgenome sloping. Sal die studente wel die geleentheid kry om teen die sloping te betoog, of sal daarvoor ook 'n stokkie gesteek word? Dit is so dat 'n massavergadering van studente oor die Kerkpleinaangeleentheid sowat 18 maande gelede op die kampus verbied is. Waarom? Watter soort universiteit het ons dan en watter soort studente word daar gekweek

as hulle nie hulle stemme teen só 'n soort kapitalistiese misdaad mag verhef nie? Kerkplein geniet die aandag van die hele land se burgers en dinge het al só ver ontwikkel dat 'n georganiseerde groep uit die Kaap „hulp beloof” het as daar die dag gesloop gaan word.

Staan 'n mens dalk hier voor 'n nuwe rewolusie – een wat nie ernstig deur die owerhede beskou word nie omdat dit volgens hulle blykbaar oor vaaghede soos geboue gaan?

Het die sloop van geboue in sommige lande nie in die verlede op rewolusies uitgeloop nie? Gaan dit vir die slopers bloot net om geboue wat hulle wil sloop, of is daar dalk iets anders wat hulle met só 'n daad ten alle koste wil en moet vernietig?

Hoe langer die owerhede swyg en weier om redes aan te voer vir hulle vasberadenheid om sekere tradisies te vernietig, hoe meer vrae sal daar gevra word. Ons, die publiek van Pretoria, sien geen noodigheid in die slooping van die Wesfasade nie. Ons het die owerhede male sonder tal gevra om motivering vir die slooping. Die owerhede swyg. Waarom?

“Straat Af” *Hoofstad*, 23 Augustus 1976

Studente-,onrus' by Tuks oor Kerkplein

Dr Verwoerd het in 1965 gesê hy is trots op sy jeug en in 1976 kan hy opreg trots wees op hulle. Die jeug van toe het hulle plig geken en die jeug van vandag ken hul plig.

So het die studente van Tuks op 'n massavergadering by die Universiteit gepraat. 'n Dringende mosie waarin die studente hul aktiewe steun toesê aan die behoud en restaurasie van die Wesfasade van Kerkplein is ingedien.

Mnr Carel Trichardt, dosent aan die universiteit, staan aan die hoof van die herneude poging om die behoud van Kerkplein.

Hy en die studente voel al het duisende stemme vir die behoud van Kerkplein op dowe ore geval, die jeug geregtig is daarop om dit wat tot hulle uit die verlede spreek ten alle koste te probeer behou.

Ekonomie

Kerkplein is 'n toeristebesienswaardigheid wat elke besoeker aan die land vir niks misloop nie. Die huidige ekonomiese toestand laat nie uitbreidings van bykans R200 miljoen toe nie – nie as daar teen 'n baie laer koste veel meer vermag kan word nie.

Geskiedenis is in elke stukkie van daardie westelike kant van Kerkplein gevleg. Dit voer ons terug tot 1897 toe die Nederlandse Bank opgerig is, is gesê.

'n Ondersteuner van die mosie, mnr. Nic van Rensburg, het gesê: „Ons leef in 'n onseker tyd. As ons dit wat agter ons lê afbreek waarheen beweeg ons dan en wat lê dan vir ons voor?

'n Ander student het gesê dat die mosie nie 'n betoog is nie, maar 'n plig wat op elke Afrikanerstudent se hart lê.

Mnr Petrus Roos, argitektuurstudent en sekondant van die mosie, het aangevoer dat geen ander gebou soveel karakter aan Kerkplein sal of kan verleen nie.

Beethoven

Mnr Trichardt het sy betoog afgesluit deur te sê dat daar baie mense is wat net oor Coca-Cola en prentjieverhale kan skryf en praat, maar daar is ook groot geeste soos Beethoven, Van Gogh en 'n Kruger om aan te dink.

'n Komitee sal saamgestel word om oor verdere optrede te besluit. Iets daadwerkliks sal aangepak word.

Een van die studente het gesê die Tukkies het hierdie mosie met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar en daarmee te kenne gegee dat die strydbyl om die behoud van Kerkplein nog lank nie neergelê is nie.

Kerkplein het Pretoria op die kaart geplaas, het van ons volk 'n nasie gemaak. Daarom sal die jeug van Suid-Afrika die erwe van sy vaders vir ons kinders laat erwe bly, het een van die studente gesê.

Die Beeld, 11 Augustus 1976

Administrateur oor Kerkplein

Die uitvoerende komitee van Tuks se studenteraad het op sy versoek, 'n besoek aan die Administrateur van Transvaal, mnr Sybrand van Niekerk, gebring.

Na afloop van sy gesprek met die VSR-lede het *Die Perdeby* 'n onderhoud met mnr Van Niekerk gevoer. Daar is gesels oor die hele kwessie van die slooping, al dan nie, van die westelike fasade van Kerkplein en ook die beoogde protesoptog van Tukkiestudente, n.a.v. 'n besluit op 'n onlangse massavergadering.

Mnr Van Niekerk het genoem dat wat hom betref die finale besluit oor die aanleentheid reeds geneem is en dat die saak afgehandel is.

Alhoewel hierdie 'n nuwe geslag studente is, wat nie hul mening kon laat hoor met die oorspronklike besluit oor die plein nie, kan geen nuwe argumente as dié wat reeds voorheen genoem is, geopper word nie.

Met die oprigting van die huidige Provinsiale Administrasiegebou is die eerste fase in die herontwikkeling van Kerkplein reeds begin. Die slooping van die

wesfasade is die finale fase van die ontwikkelingsprogram wat nou tot uitvoer gebring gaan word.

Nadat daar besluit is om met hierdie fase voort te gaan, het verhoë die Minister van Openbare Werke en die Eerste Minister bereik waarin pleidooie gelewer is vir die bewaring van Kerkplein.

Alle voorstelle is op kabinetsvlak bespreek en die Eerste Minister het persoonlik verantwoordelikheid aanvaar vir die besluit dat die westelike fasade van Kerkplein gesloop gaan word, aldus mnr Van Niekerk.

Hy het ook gesê dat die bestaande westelike fasade tot stand gekom het op grond van individuele beplanning en dat daar nie geleentheid was vir 'n beplande fasade nie. Die geboue wat nou ontwerp is, maak voorsiening vir 'n beplande fasade wat verteenwoordigend is van die huidige Suid-Afrikaanse argitektoniese ontwikkeling met inagneming van bestaande geboue op die plein.

Die Administrateur het daarop gewys dat die Eerste Minister persoonlik verantwoordelikheid aanvaar vir die slooping en Tukkies moet in die lig hiervan eers besin eer voortgegaan word met die beplande protesoptog.

Die standpunt van diegene wat ten gunste van so 'n protesoptog is en alles in die stryd wil werp vir die bewaring van Kerkplein soos dit tans is, is as volg.

Daar word gevoel dat so 'n protesoptog iets meer as 'n petitie kan vermag – dit toon aktiewe deelname en betrokkenheid by 'n saak wat nie net met 'n aantal handtekeninge alleen tuisgebring kan word nie.

Die optrede tydens Lentedag sal dan bewys dat die studente bereid is om op aktiewe wyse hulle steun vir hulle erfenis uit te bring.

Wat die wesfasade betref:

Die geboue op die Plein dateer uit drie tydperke en geen moderne gebouekompleks kan verteenwoordigend of vervangend wees van dit wat nou vernietig gaan word nie.

Die geboue wat in gedrang is, dateer uit drie verskillende tydperke. Die ou Republiek, die tyd voor Uniewording en die tyd met Uniewording. Die geboue verteenwoordig dus drie verskillende kultuurhistoriese grepe uit die geskiedenis. Meer as tweehonderdduisend mense het met die tyd al hul steun aan die behoud van die Wesfasade verleen.

Persone soos Mimi Coertze, mev Betsie Verwoerd het ook hul steun aan die saak gegee. Verskeie Europese immigrante het hul al uitgespreek teen die slooping.

'n Voorbeeld van Nuremberg in Duitsland is genoem – tydens die oorlogsjare is hierdie stadsgedeelte verwoes maar restaurasie het volgens die oorspronklike planne plaasgevind.

Die vraag word nou gevra waarom Suid-Afrika nie ook so iets kan doen om die behoud van 'n erfenis te bewerkstellig nie.

Die huidige ekonomiese toestande word ook deur die voorstanders vir die bewaring van die plein as 'n oorweging gestel. Die oprigting van 'n moderne gebou-kompleks sal miljoene rande beloop, terwyl slegs 'n gedeelte van hierdie bedrag vir voldoende restaurasie en instandhouding benodig sou word.

Die Perdeby, 27 Augustus 1976

Kerkplein betoging – Ja of Nee?

Die besluit van die massavergadering om 'n protesoptog teen die sloping van die Wesfasade van Kerkplein te hou is steeds besig om wyer uit te kring.

Dat die beplanning van die optog nie ongemerk by die owerhede verbygegaan het nie, is duidelik uit die feit dat die Administrateur die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad oor die saak gespreek het.

Op die oomblik hang die hele beplanning vir die optog nog in die weegskaal. Die maatreëls teen oproerige byeenkomste wat na die Soweto-gebeure ingestel is, is verleng tot die einde van die jaar. Die optog sal alleen kan plaasvind met die toestemming van die Minister van Justisie.

Dit is egter so dat daar op hierdie stadium ernstig besin moet word oor die hele optoggedagte. Daar is baie sterk argumente wat ingebring kan word teen die hou van so 'n optog.

Volgens die Administrateur is die besluit oor die Wesfasade 'n besluit wat op kabinetvlak geneem is. Die optrede van die studente sal geen verskil maak nie, aangesien daar geen nuwe inligting is waaroor daar nie besin is met die oorspronklike besluit nie. Mnr Van Niekerk het verder ook daarop gewys wat die Eerste Minister persoonlik verantwoordelikheid vir die besluit aanvaar het.

'n Verdere faktor is die feit dat Tukkies hulle in die verlede dikwels sterk uitgespreek het teen die hou van betogings veral deur Engelstalige kampusse. Dié keer toe ons as 'n teenwig vir die Witsbetogings opgeruk het na die Uniegebou toe, het ons ook onder sterk kritiek gekom van ander Afrikaanse kampusse.

Die argument kan dan verder gevoer word, deur te sê dat die Tukkies alleen hulle eie goeie naam in regeringskringe en by die publiek sal skade aandoen deur 'n optog te hou, veral aangesien die optrede van Wits en Ikeys tydens die Soweto-gebeure nog vars in die geheue is.

Dit is dan die vernaamste argumente teen die hou van 'n optog. Daar is egter ook


baie sterk argumente vir so 'n optog. As die bewaring van ons erfenis vir die Tukkies werklik erns is, dan sal so 'n optog hulle erns veel beter illustreer as wat 'n blote petisie dit kan doen. 'n Optog sal dan vir ons 'n ernstige saak wees waarvoor ons bereid is om op te offer en moeite te doen. 'n Petisie sal maar net een van vele ander petisies wees. Verder het die Tukkies met 'n oorweldigende meerderheid op 'n massavergadering dié metode van optrede gekies. Die besluit kan alleen op 'n ander massavergadering ter syde gestel word.

Al sou die optog geen werklike invloed meer kon uitoefen op die sloping van die westelike fasade nie, sal dit vir die toekoms dien as bewys dat ons as jongmense ook bekommerd is oor die bewaring van ons erfenis.

Die optog moet egter in geen omstandighede die karakter van 'n betoging teen die outoriteite aanneem nie. Streng kontrole sal oor die deelnemers gehou moet word.

Na oorweging van al die faktore, wil dit lyk asof die optog tog moet plaasvind, as die minister sy toestemming gee. Op daardie manier kan ons as Tukkies wys

Die tweede massa het hom weer vir bewaring van die Wesfasade uitgespreek. Daar is teen die optog besluit weens die heersende verbod op buitelig openbare optogte. Red.



dat dit wat rondom ons gebeur ons werklik raak.

Die Perdeby, 27 Augustus 1976

Post Office demolition date 'soon'

The plans for the new Church Square Post Office have been completed and handed over to the Church Square Committee.

A member of the committee confirmed today that a meeting would be held "as soon as possible" to decide the date of demolition of the old Post Office and who should be given the task.

The demolition plans have been pushed ahead fast because the Post Office desperately needs larger premises.

Mr Sybrand van Niekerk, the Administrator, pointed out earlier this year that the Provincial Administration buildings were adequate but the Post Office plans were "urgent".

Mr Van Niekerk said the provincial administration would fall in with the Post Office plans in order to have "only one dust cloud in the centre of Pretoria."

Meanwhile, city conservationists are desperately trying to stop demolition.

Officials at the Cultural Historical and Open Air Museum, who are looking into the possibilities of re-building the facade at the museum, are hampered by lack of money.

The Pretoria News, September 2, 1976

Swellendam pleit vir plein

Uit Swellendam kom 'n roerende pleidooi dat die Wesfasade van die Kerkplein in Pretoria behou moet word. 'n Pleitskrif met die handtekeninge van meer as tweehonderd wit en bruin Swellendammers is aan die Staatspresident gestuur.

„Die Kerkplein is vir ons nie net van historiese en estetiese waarde nie,” lui die pleitskrif. „Dit is die Nasionale Plein, die hart van die hoofstad van Suid-Afrika.”

Band

'n Aksiekomitee vir die Kerkplein is op Swellendam gestig. Dié het op 1 Oktober die pleitskrif opgestel. Minder as twee weke later is dit met handtekeninge en al na die Staatspresident gestuur.

Die Overberg, en in die besonder Swellendam, het 'n historiese band met die noordelike provinsies, meld die pleitskrif.

Die voorouers van president Steyn sowel as president Kruger kom uit dié kontrei, en ook die voorouers van baie ander mense in die noorde.

Onder die ondertekenaars van die pleitskrif – daar is baie Engelse name – is dr Anna Rothmann, dogter van die skryfster MER, wat verlede jaar kort ná haar honderdste verjaardag oorlede is. Kleindogter M E Rothmann het dit ook onderteken.

Die lid van die Verteenwoordigende Kleurlingraad vir Swellendam, mnr R A May, is nog 'n ondertekenaar. Burgemeester J D Beyers en onderburgemeester K Olivier en 'n hele paar raadslede het geteken.

Mnr Adriaan Mocke, hoof van die Olyfkrans-Kollege, en etlike van sy personeellede se naamtekening verskyn op die dokument, asook dié van mnr C O Adams, restoureerder van historiese geboue.

Kurator

Die eerste naamtekening op die pleitskrif is dié van die kurator van die Drostyd-Museum, mnr P Cochrane. 'n Aparte lys met handtekeninge van besoekers aan hierdie museum is aangeheg. Onder hulle is twee uit Arnhem, Nederland.

„Baie jong Swellendammers het in die jare tagtig en negentig van die vorige eeu in die republieke 'n heenkome gaan soek,” lui die pleitskrif.

„Soos MER dit in die Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger beskryf, het hulle daar veel meer as 'n verdienste gevind: groot geword onder die Engelse kultuur, het hulle met 'n onbeskryflike verligting daar die eie taal, die eie vlag en volkslied, die vryheid gevind.

„En dit alles staan beliggaam in die Wesfasade van die Kerkplein.”

Die pleitskrif meld verder dat die historiese en estetiese besware teen die afbreek van die Wesfasade verdoemend is. „Maar ook met die ekonomiese toestande en die algemene politieke onrus moet daar beslis rekening gehou word. Waar daar van Regeringskant ernstig beroepe uitgaan aan die landsburgers om te help besnoei, is dit dan in landsbelang om met hierdie projek voort te gaan?”

Nie verdeel

„In hierdie donker uur met sy ekonomiese en politieke druk mag ons nie mense verder verdeel en gevoelens vertroebel nie.

„Ons pleitskrif, wat geteken is deur bruin en wit Swellendammers, is maar net 'n klein deel van die duisende stemme van oor die hele land wat pleit by u om benadiging: BEHOU vir ons die WES-FASADE VAN DIE KERKPLEIN.”

Rapport, 17 Oktober 1976

Best plan of all ?

The proliferation of plans for Church Square is quite staggering.

There are plans to demolish its historic west facade; plans to relocate the facade; plans to move Oom Paul's statue. Some would have it become a pedestrian mall, others are determined to remake the square into a sort of rabbit warren, to riddle its bowels with underground passages, tunnels and assorted cavities in which cars would park and buses crawl like gigantic slugs from a Jules Verne fantasy.

Church Square, could well be likened to a bartered bride in a disjointed opera in which the conductor has lost control of the musicians while the orchestra itself is at variance with the singers.

Given the unswerving resolve of the powers that be to bring about change, the least one could expect is some co-ordinated attempt to evaluate the various plans and decide which one to implement.

But there is another factor to be considered. In today's economic climate, with mounting balance-of-payments deficits, shortages of capital and the soaring cost of living, it would seem to us irresponsible in the extreme to press on with such schemes.

Another potent factor is determined public resistance. In addition to such bodies as the Old Pretoria Society and

the students of the University of Pretoria, the citizens of Swellendam in the Cape have now added their objections.

The portents are there: It is time to rethink the scheme. There could be no better justification in the light of our economic condition. Let the scheme be postponed for, say, three years; and in the meanwhile let it be reviewed. Wiser counsel might prevail in the interim. And money might be saved as well as tempers.

That may be the best plan of all.

The Pretoria News, October 23, 1976

Regstelling

Restorica 2, bladsy 55.

Die middelste twee foto's is die NG Kerk, Malmesbury en die skool, Malmesbury en nie soos verklaar geboue in King Williams' Town nie. Dit spyt ons. Graag wil ons die lesers wat ons aandag daarop gevestig het, hartlik bedank.

Ken u die mense?

Indien wel, verneem ons graag van u. Blykbaar is dit 'n foto geneem omstreeks 1905-1910 langs die Grote Kerk, Bosmanstraat, Pretoria. Moontlik die Kerkraad van daardie tyd. Uitkenbaar is:

sittende 2e van links, mev ds Bosman, ds H Bosman, genl Louis Botha, F S Malan, onbekend en Erasmus; staande vierde van links, Steyn.





Oranje-Vrystaat - Orange Free State

Restourasie begin

Die restourasie van die ou Raadsaal in St Georgestraat in Bloemfontein het onlangs begin. Die ou dekgras is van die dak verwyder. Die Raadsaal is in 1849 deur maj Henry Douglas Warden opgerig om as die eerste skool en kerk noord van die Oranjerivier te dien. Die gebou is in 1936 tot nasionale monument verklaar. Twee vleuels is later aangebou om die eerste nasionale museum in die stad te huisves. Dit was ook die vergader-saal van die eertydse Wetgewende Vergadering van die Vrystaatse Republiek. 'n Historiese museum gaan in die gebou gehuisves word. Die opening vind op 20 Julie 1977 plaas, wat saam met die honderdjarige bestaansjaar van die Nasionale Museum val.

Ou gees straal

Met 'n nuwe mantel aan, maar daaronder nog dieselfde gebou waarin die gees van byna 70 jaar se studenteherinneringe van lief en leed by oud-Vishuismanne op-

roep, staan die Abraham Fischer-tehuis, oudste koshuis van die Vrystaatse Universiteit, weer nuut en trots terwyl die laaste afrondingswerk aan die buitekant van die gerestoureerde gebou gedoen word.

Die koshuis is in 1909 in gebruik geneem en het bekendes soos adv C R Swart, dr Nic Diederichs, G A Watermeyer en prof B Kok gehuisves. Tyd en die elemente het egter hul tol geëis en daar is besluit om die gebou te restoureer.

Die werk kos reeds sowat R600 000. Die bekende sandsteenklipwerk aan die buitekant van die gebou word deur meer duurzame blougraniet vervang. Nuwe dak- en vloerteëls is ingesit, die ou vensterrame en deurkosyne is met nuwes vervang, nuwe bedrading is ingesit, plafonne op die boonste verdieping is vervang. Die gebou is nuut uitgepleister en geverf.

Net uiterlik

Al die veranderinge is net uiterlik – die gees wat van die gebou uitstraal, kan nie verander word nie. „Vishuis ondergaan veranderinge, die inwoners verander, maar in wese het al die dinge dieselfde gebly,” word in *Die Vis*, die koshuis se koerantjie, geskryf.

Om die karakter te behou is baie van die dinge wat oud-Vishuismanne met nostalgie laat terugdink net opgeknop en nie vervang nie. Daarom is die basiese struktuur van die gebou nie verander nie. Die ou buitedeure met hul interessante hout-sneewerk is afgeskuur en vernis, die

houtpanele aan die binnekant van die gebou is opgeknop en, die deur waarteen die veerpyltjebord al soveel jare hang, is ook afgeskuur en vernis.

Die bekende Putgat, 'n opening tussen die grond- en eerste verdieping bokant die portaal met houtrelings daarom waar menige student al met 'n „tekkie-oond” vir sy oortredinge moes betaal, het ook sy oorspronklike relings behou. Baie niksvermoedende besoekers, professore en predikante ingesluit, het hier onder 'n beker water deurgeloopt.

Sandsteen

'n Hartseersakie vir die Vishuismanne is die sandsteen wat van die buitekant van die gebou verwyder is. Name en handtekeninge is sedert die gebou se ontstaan op die klipwerk uitgekrap. Ook die name van adv Swart en prof Kok het hier gepryk. Die huiskomitee wou dit nie verlore laat raak nie en wil later vanjaar 'n monument van dié stene voor die koshuis bou.

Die restourasie het ook knoeiere van die bouers aan die lig gebring. Op die boonste verdieping is kamers waarvan die mure letterlik gesidder het as die deure toegeklap word. Toe die pleister van die mure afgekap is, is ontdek dat die houtvloer die enigste fondament was. Die mure is nou deur stewige houtafskortings vervang.

Die Volksblad, 24 Junie 1976

CONSTANTIA BOOKS Africana, Antiquarian and Second Hand Booksellers

We issue catalogues of Africana Books at regular intervals which may be obtained free by writing to us.

Please send us details of your fields of interest.

We offer an expert SEARCH SERVICE for all Africana, antiquarian and out-of-print books. Can we help you with your requirements?

Constantia Books
PO Box 186
Constantia 7848

AFRICANA

Benodig te Boekenhoutfontein

Plaas van Staatspresident S J P Kruger
19e-eeuse landbou-implemente, waens, karre,
breipale, watermeulstene en -onderdele,
meubels, gebruiksvoorwerpe, portrette.

As skenkings of in bruikleen, selfs te koop indien fondse beskikbaar.

Tree in verbinding met die Direkteur, Posbus 1743, Pretoria 0001.

of
Die Kurator, Posbus 97, Boshoeck, 0301.
Telefoon 0142232-1421

Ons het 'n wyn gemaak - Carlton



... en hier op die historiese Uitkyk Wynlandgoed weet ons dat Uitkyk Carlton W.O.S. een van die edelste Kaapse rooiwne is wat nog ooit gemaak is.

Kyk deur die helder dieptes van die ryk donkerrooi na die volrype rondheid van die aristokratiese Cabernet Sauvignon-druif.

Ervaar die talmende boeket wat so kenmerkend is van hierdie skaamdraende wingerdstok.

Proe in sy robuuste volheid die vrugbare leem-rooigrond van Uitkyk en die rypheid van die droë somerson.


Drink dit nou met kennersgenot, of lê dit in u kelder neer in die wete dat u dit jaar na jaar met steeds groter waardering sal geniet.

*Uitkyk
Carltonet*

'n Volrondige, droë rooiwyn.

1973 *Uitkyk Carlton Cabernet Sauvignon* is deur die Wyn- en Spiritusraad geklassifiseer as 'n Wyn van Oorsprong - Superieur - die hoogste moontlike klassifikasie wat slegs aan 'n wyn van uitsonderlike gehalte toegeken mag word.

Ook afkomstig van die Uitkyk Landgoed:
1973 *Uitkyk Shiraz W.O.S.* - *Uitkyk Carlsheim* -
Uitkyk Riesling - *Uitkyk Late Harvest*.



Gebore en getoë op die Landgoed. Gebottel en bemark deur Die Bergkelder.





Kaap - Cape

Old town halls never die

Like old soldiers, it seems, old buildings don't die, they just fade away. But unlike old soldiers buildings can be restored to their former glory. Just such an example is Kimberley's City Hall. Since the completion of new municipal offices in the city, the old hall had been unused and uncared for, its shell crumbling and cracking. This is the story of the saving of this historic structure by the use of complex drilling and pinning techniques. A campaign was mounted to save the building and, when restored, to have it declared a national monument. But structural damage was severe and the materials dry and powdery. Using a dry diamond drilling technique and a method of pinning common in mining, the structural damage has been halted and the remainder of the renovation programme can be completed.

Kimberley began in 1871 with the discovery of the first diamond on Colesburg Kopjie which eventually became the Big Hole. A tented town mushroomed around the deposits, at one time housing almost two hundred thousand people. Unlike many 'rushes', the Kimberley diamond mines didn't run out and today the town is still alive with a population of about 125 000 people.

When a large number of people gather together a certain amount of organisation naturally occurs. In Kimberley's case, it began with the formation of Diggers' Committees which grew into the Town Council. Naturally the Town Council must have a building in which to hold meetings and house the staff. So it was in Kimberley but the first town hall did not last very long. A fire in 1898 destroyed most of the building and the twenty years of records in it.

However, it did not take long for a decision to be made to build a new Town Hall and designs were called for, a prize of £100 being offered for the design selected. The design chosen was by a Mr F Carlstairs Rodgers, a Kimberley architect. On Wednesday 16th November 1898 His Worship the Mayor, Mr Moses Cornwall JP, laid the foundation stone and the building was completed only ten months later.

Until about five years ago the building was in daily use, becoming a City Hall when Kimberley achieved that status in 1913. As the city grew the functions of

the municipality became more complex, requiring more and more staff, until a new complex of buildings was necessary. Since then the building has been unused and virtually unattended.

